Memorandum

**Aan** : **Die Aandeelhouers van VKB Beleggings (Edms.) Bpk.**
**Van** : **Rina Erasmus**
**Datum** : **25 Oktober 2023**
**INSAKE** : **KENNISGEWING VAN REDIGERING VAN DIE MAATSKAPPY SE AKTE VAN OPRIGTING INGEVOLGE ARTIKEL 17(1) VAN DIE MAATSKAPPYWET**

Die Direksie van VKB Beleggings (Edms.) Bpk. ("die maatskappy") gee hiermee kennis ingevolge Artikel 17(1) van die Maatskappywet, Wet No. 71 van 2008, saamgelees met die bepalings van Klousule 6.2 van die maatskappy se Akte van Oprigting, dat die Direksie 'n aantal regstellings aan die Akte van Oprigting aangebring het ten einde klaarblyklike foute in spelling, punktuasie, grammatika en soortgelyke defekte in die Akte van Oprigting reg te stel, soos blyk uit die geredigeerde Akte van Oprigting wat by die ondergemelde skakel (Aanhangsel A) gevind kan word en waarin die regstellings aangebring is.

Die gekonsolideerde Akte van Oprigting sal by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ingedien word.

Aanhangsel A: Geredigeerde Akte van Oprigting

**VKB BELEGGINGS (EDMS.) BPK.**
**VKB HEAD OFFICE/HOOFKANTOOR**
31 President CR Swart Street/Straat, REITZ, 9810
PO Box/Posbus 100, REITZ, 9810
Tel: +27 (0)58 863 8111
vkb@vkb.co.za
www.vkb.co.za

**AANHANGSEL A**

REPUBLIEK VAN SUID AFRIKA

MAATSKAPPYWET, NR 71 VAN 2008

# VKB BELEGGINGS EIENDOMS BEPERK (“VKB”)

# AKTE VAN OPRIGTING

VAN ‘N PRIVATE MAATSKAPPY MET ‘N AANDELEKAPITAAL

Reg. Nr. 2011/007000/07

DIRECTORS/DIREKTEURE: CF Fick (Chairman/Voorsitter), JH du Preez (Vice-chairman/Ondervoorsitter), DP Viljoen, JBS Fourie, ID Dreyer, DJ Kriek, JJB Greyling, ID Bosman, LJ Eksteen, J van der Goot, PJ Cronjé, JS de Wet, TCJ Marais, CJ de Villiers
CO-OPTED/GEKOÖPTEER: GJ Nel, Dr JL Purchase, NAS Kruger, NB Jacobs
EXECUTIVE DIRECTORS/UITVOERENDE DIREKTEURE: Dr PG Strauss, MJ Mittermaier, LD Brooks
GROUP COMPANY SECRETARY/GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS: Adv SC Erasmus
Registration Number/Registrasienommer: 2011/007000/07
VAT/BTW: 4050105453

## 1. INLEIDING

1.1. Die Akte van Oprigting in die voorgeskrewe formaat soos bedoel in aArtikel 13(1)(a)(i) van die Wet is nie van toepassing op die Maatskappy nie.

1.2 Die MMaatskappy word geklassifiseer as 'n privaat maatskappy met winsoogmerk in terme vaningevolge aArtikel 8(2)(b) van die Wet en gevolglik is die aanbied van sy sekuriteite aan die publiek verbode en is die oordrag van sy sekuriteite beperk deur hierdie Akte van Oprigting.

## 2. UITLEG

2.1 Die opskrifte in hierdie Akte van Oprigting vervat is slegs vir verwysingdoeleindes en beïnvloed nie die uitleg of vertolking daarvan nie. By die uitleg van hierdie Akte van Oprigting het die volgende woorde die volgende betekenis, tensy dit uit die inhoud of samehang blyk dat die betrokke woord 'n ander betekenis moet dra:

2.1.1 “Akte van Oprigting", hierdie Akte van Oprigting soos opgestel of van tyd tot tyd gewysig;

2.1.2 "algemene vergadering", die algemene jaarvergadering of ander vergadering van aandeelhouers van die Maatskappy;

2.1.3 "sakedag", wanneer daar in hierdie Akte van Opriging na sakedag/sakedae verwys word, is dit die aantal dae tussen twee bepaalde gebeurtenisse. Die dag waarop die eerste gebeurtenis plaasvind word uitgesluit en die dag waarop die laaste gebeurtenis plaasvind, word ingesluit. Publieke vakansiedae, Saterdae en Sondae word ook uitgesluit;

2.1.4 "direksie", die huidige direkteure van die Maatskappy of, na gelang van die geval, die direkteure by 'n direksievergadering waarop 'n kworum aanwesig is;

2.1.5 "die Wet", die Maatskappywet, No 71 van 2008, met inbegrip van enige wysiging daarvan;

2.1.6 "finansiële jaar", die tydperk vanaf 1 April van 'n bepaalde jaar tot en insluitende 31 Maart van die volgende jaar;

2.1.7 "kantoor", die geregistreerde kantoor van die Maatskappy;

2.1.8 "lid" of "aandeelhouer", die geregistreerde houer van 'n aandeel in die Maatskappy;

2.1.9 "maand", 'n kalendermaand, dit wil sê Januarie, Februarie, ens.;

2.1.10 "Maatskappy", VKB Beleggings Eiendoms Beperk, registrasienommer 2011/007000/07, met inbegrepe enige wysiging wat die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele EiendomRegistrateur aan die naam of nommer van die entiteit mag aanbring; en

2.1.11 "register", die sekuriteiteregister of lederegister van die Maatskappy ingevolge die Wet en hierdie Akte van Oprigting deur die Maatskappy gehou.;

## 3. INTERPRETASIE

3.1 Tensy dit uit die samehang anders blyk, sluit –

3.1.1 woorde in die enkelvoud ook die meervoud in en omgekeerd;

3.1.2 woorde wat die manlike geslag aandui ook die vroulike geslag in;

3.1.3 woorde wat natuurlike persone aandui ook vennootskappe en regspersone in;

3.1.4 die woord "aandeel" ook in effekte, opsies of enige reg op of belang in aandele of ander sekuriteite;

3.1.5 die woord "skuldbrief" ook skuldbriefeffekte, obligasieverbande, leningsbewyse, obligasies en ander sekuriteite in;

3.1.6 die woord "vergadering" 'n uitgestelde vergadering in; en

3.1.7 ~~Is~~ 'n verwysing na 'n artikel nommer, 'n verwysing na die ooreenstemmende artikel van die Wet soos dit van tyd tot tyd gewysig of herverorden mag word in.

3.2 Behoudens die voorgaande artikel, dra enige woorde of uitdrukkings in die Wet omskryf, tensy dit uit die samehang anders blyk, in die Akte van Oprigting dieselfde betekenis.

3.3 Die skedules aangeheg aan hierdie dokument is deel van die Akte van Oprigting.

3.4 In die geval van enige konflik tussen hierdie Akte van Oprigting en die Engelse weergawe daarvan, sal hierdie Akte van Oprigting voorkeur geniet.

**4. INLYWING EN AARD VAN DIE MAATSKAPPY**

4.1 Die Maatskappy is ingelyf vanaf 1 April 2011 en is 'n Private Maatskappy, soos omskryf in artikel 8(2)(b) van die Wet.

4.2 Die Maatskappy word gereguleer deur -

4.2.1 die onveranderbare bepalings van die Wet;

4.2.2 die veranderbare bepalings van die Wet, onderhewig aan die beperkings, uitbreidings, wysigings of vervangings in hierdie Akte van Oprigting uiteengesit; en

4.2.3 die bepalings van hierdie Akte van Oprigting.

**5. BEVOEGDHEDE VAN DIE MAATSKAPPY**

5.1 Die Maatskappy is nie onderhewig aan enige van die bepalings soos bepaal in artikel 15 (2) (b) of (c) van die Wet nie.

5.2 Die doel en die magte van die Maatskappy is nie onderhewig aan enige beperkings, of kwalifikasies soos beoog in artikel 19 (1) (b) (ii) van die Wet nie.

**6. AKTE VAN OPRIGTING EN MAATSKAPPYREËLS**

6.1 Behoudens artikel 16, 17 of 152 (6) (b) van die Wet, moet ~~in die volgende gevalle~~ 'n wysiging van die Akte van Oprigting in die volgende gevalle goedgekeur word deur 'n spesiale besluit van die aandeelhouers:

6.1.1 die skepping van 'n klas van aandele;

6.1.2 die wysiging van enige voorkeurregte, beperkings en ander bepalings ten opsigte van aandele verbonde aan 'n spesifieke klas van aandele;

6.1.3 die omskakeling van een klas aandele in een of meer ander klasse aandele;

6.1.4 die vermeerdering van 'n aantal sekuriteite;

6.1.5 konsolidasie van sekuriteite;

6.1.6 onderverdeling van sekuriteite;

6.1.7 die verandering van die naam van die Maatskappy; en

6.1.8 vrywillige likwidasie van die Maatskappy.

6.2 Die Maatskappy moet 'n kennisgewing van enige wysiging wat aan die Akte van Oprigting aangebring is in terme vaningevolge artikel 17 (1) van die Wet aan die aandeelhouers stuur, hetsy deur per gewone pos of per e-pos 'n afskrif van die Akte van Oprigting aan aandeelhouers te versend, of sodanige kennisgewing op die webtuiste van die Maatskappy te plaas.

6.3 Die bevoegdheid van die direksie om reëls te maak vir die Maatskappy, soos beoog in artikel 15 van die Wet, is nie op enige wyse beperk op enige wyse deur hierdie Akte van Oprigting nie.

6.4 Die Maatskappy moet enige reëls wat in terme vaningevolge artikel 15 van die Wet gemaak is aan elke aandeelhouer stuur, deur 'n kopie van daardie reëls elektronies of per gewone pos aan aandeelhouers te stuur of dit op die amptelike webtuiste van die Maatskappy te plaas.

**7. SEKURITEITE VAN DIE MAATSKAPPY**

7.1 AANDELE

7.1.1 Die gemagtigde aandelekapitaal van die Maatskappy is verdeel in:

a) Aandele sonder pari-waarde:

(i) Die getal gewone aandele sonder pari-waarde is 100 000 000 (Klas 1);

(ii) Die getal stemdraende aflosbare voorkeuraandele sonder pari-waarde is 10 000 000 000 (Klas 2);

(iii) Die getal stemdraende aflosbare voorkeuraandele sonder pari-waarde is 1 000 000 000 (Klas 3);

(iv) Die getal deelnemende, nie-stemdraende, aflosbare voorkeuraandele is 10 000 000 000 (Klas 4).

7.2 Die voorkeure, regte, beperkings en ander bepalings van toepassing op die verskillende klasse aandele, is soos uiteengesit in Aanhangsel A.

7.3 Die direksie is gemagtig -

7.3.1 om nie meer as die maksimum aantal gemagtigde gewone aandele uit te reik, wat elk van die houers in staat stel om -

7.3.1.1 te stem oor enige aangeleentheid wat beslis moet word deur 'n stemming van die aandeelhouers van die Maatskappy;

7.3.1.2 deel te neem in 'n verdeling van wins aan die aandeelhouers;

7.3.1.3 te deel in die verdeling van die Maatskappy se reswaarde by ontbinding;.

7.3.2 om die maksimum aantal gemagtigde aandele van elke ander klas aandele uit te reik, onderworpe aan die voorkeure, beperkings, regte en ander bepalings van toepassing op sodanige klas: met dien verstande dat die direksie aandele voorwaardelik of onvoorwaardelik mag uitreik of toewys, of opsies ten aansien daarvan uitreik of andersins daarmee handel of dit van die hand sit aan sodanige persone, en op sodanige voorwaardes en sulke tye as wat die direkteure in hulle diskresie mag goeddink; mits sodanige aandele alleenlik op ‘n volopbetaalde basis uitgereik word, en voorts onderhewig aan sodanige algemene magtiging verleen deur die aandeelhouers, met dien verstande dat die houers van sodanige aandele geregtig is om te stem oor enige aangeleentheid wat die spesifieke klas aandele raak, deel te neem in winsverdeling en te deel in verdeling van die Maatskappy se reswaarde by ontbinding.

7.4 Die aanbied van die Maatskappy se sekuriteite aan die publiek is verbode en die oordrag van sy sekuriteite beperk soos hierin voorgeskryf.

~~7.5 Aandele mag slegs uitgereik word aan *bona fide* produsente met boerdery aktiwiteite wat in die diskresie van die direksie nie wesenlik in mededinging met die Maatskappy se besigheidsaktiwiteite optree nie. Die direksie se beslissing of ŉ produsent ŉ *bona fide* produsent is, is finaal. Indien ŉ bestaande aandeelhouer se aktiwiteite volgens die diskresie van die direksie wesenlik in mededinging met die Maatskappy se besigheidsaktiwiteite is of word, behou die direksie die reg voor om sodanige aandeelhouer se lidmaatskap te beëindig en sy aandele terug te koop en/of af te los.~~

7.5 Die aandeelhouers van die Maatskappy het nie ŉ voorkeurreg vir die aanbieding van addisionele aandele van die Maatskappy nie.

7.6 Die bevoegdheid van die direksie om finansiële bystand te verleen met betrekking tot die inskrywing van 'n opsie of sekuriteite van die Maatskappy, of 'n verwante of inter-verwante Maatskappy, soos uiteengesit in artikel 44 van die Wet, is nie beperk deur hierdie Akte van Oprigting nie.

7.7 Die bevoegdheid van die direksie om die uitreiking van gemagtigde aandele van die Maatskappy as kapitalisasie-aandele goed te keur, aandele van 'n bepaalde klas as kapitalisasie-aandele uit te reik ten opsigte van die aandele van 'n ander klas, en om aandeelhouers toe te laat om te kies om 'n kontantbetaling te ontvang in plaas van 'n kapitalisasie-aandeel, soos uiteengesit in artikel 47(1) van die Wet word slegs beperk tot die mate dat sodanige aksie sonder benadeling van enige spesiale regte reeds aan die houers van bestaande aandele toegeken, mag wees nie.

7.8 Die bevoegdheid van die direksie om die getal gemagtigde aandele in enige klas te vermeerder of te verminder, om geklassifiseerde aandele wat gemagtig is maar nog nie uitgereik is nie, te herklassifiseer, om enige ongeklassifiseerde aandele te klassifiseer, of die voorkeure, regte, beperkings of ander bepalings van aandele in ŉ klas te bepaal, soos uiteengesit in a~~A~~rtikel 36(2) en (3) van die Wet, word nie beperk deur hierdie Akte van Oprigting nie, mits die direksie daartoe gemagtig word deur ŉ algemene vergadering van aandeelhouers.

7.9 Geen verdere aandele, wat voor of *pari passu* met die voorkeuraandele rangeer, mag geskep word nie sonder magtiging by wyse van ŉ spesiale besluit nie.

7.10 Enige aandele wat nie in alle opsigte *pari passu* met enige ander aandele rangeer nie (sowel met betrekking tot die dividendkoers as met betrekking tot enige ander uitgiftevoorwaarde) word vir doeleindes van hierdie klousule~~Artikel~~ geag ‘n afsonderlike aandeleklas daar te stel.

7.11 Die bevoegdheid van die direksie om die Maatskappy te magtig om 'n gesekureerde of ongesekureerde skuldinstrument uit te reik soos uiteengesit in a~~A~~rtikel 43(2) van die Wet, word nie deur hierdie Akte van Oprigting beperk nie.

7.12 Die bevoegdheid van die direksie om spesiale voorregte wat verband hou met enige skuldinstrumente wat deur die Maatskappy uitgereik word soos uiteengesit in a~~A~~rtikel 43 (3) van die Wet, word nie beperk deur hierdie Akte van Oprigting nie.

7.13 Die bevoegdheid van die direksie om toe te laat dat die Maatskappy se uitgereikte sekuriteite gehou word deur, en geregistreer word in die naam van een persoon vir die voordelige belang van 'n ander persoon, soos uiteengesit in a~~A~~rtikel 56(1) van die Wet word nie deur hierdie Akte van Oprigting beperk nie.

## 8. AANDEELHOUERS

### 8.1 LIDMAATSKAP

8.1.1 Lidmaatskap van die Maatskappy is beperk soos in klousule 7.5 uiteengesit. Slegs *bona fide* produsente met boerdery aktiwiteite wat in die diskresie van die direksie nie wesenlik in mededinging met die Maatskappy se besigheidsaktiwiteite optree nie, kwalifiseer om aandele in die Maatskappy op te neem. Die direksie se beslissing of 'n produsent 'n *bona fide* produsent is, is finaal. Indien 'n bestaande aandeelhouer se aktiwiteite volgens die diskresie van die direksie wesenlik in mededinging met die Maatskappy se besigheidsaktiwiteite is of word, behou die direksie die reg voor om sodanige aandeelhouer se lidmaatskap op te skort en sy aandele terug te koop en/of af te los.

8.1.2 Voornemende aandeelhouers doen aansoek om lidmaatskap op die vorm vir daardie doel verskaf, en doen aansoek om 5 000 gewone aandele op te neem.

8.1.3 Elke aansoek om lidmaatskap word deur die direksie oorweeg en die direksie het die reg om 'n aansoek toe te staan of te weier sonder om redes daarvoor te verstrek.

8.1.4 Vir elke aandeelhouer word na goedkeuring van lidmaatskap en betaling van 'n lidmaatskapfooi van R5 000,00 (vyf duisend Rand), 5 000 gewone aandele uitgereik. Geen aandeelhouer mag minder of meer as 5 000 gewone aandele in die Maatskappy opneem of besit nie.

8.1.5 'n Persoon word 'n aandeelhouer van die Maatskappy by die uitreiking of oordrag van gewone aandele aan hom/haar.

8.1.6 Waar twee of meer persone een of meer aandele in die Maatskappy gesamentlik hou sal hulle vir doeleindes van hierdie Akte van Oprigting~~Artikels~~ as 'n enkele aandeelhouer beskou word.

### 8.2 WYKSINDELING

Die direksie sal op grond van rekords van die geografiese verspreiding van aandeelhouers na goeddunke bepaal in welke wyk elke aandeelhouer ressorteer, en aandeelhouers sal dienooreenkomstig skriftelik in kennis gestel word. Indien 'n aandeelhouer nie binne drie maande na kennisgewing soos voorgemeld, skriftelik teen die vasstelling beswaar maak nie, sal die aandeelhouer vir doeleindes van hierdie Akte van Oprigting onder die betrokke wyk ressorteer, met dien verstande dat 'n aandeelhouer te enige tyd skriftelik by die direksie aansoek kan doen vir verandering van wyk. Die direksie sal sodanige aansoek tydens sy eersvolgende vergadering oorweeg mits die aansoek ten minste twee weke voor die vergadering ontvang is en sal daarna sodanige aandeelhouer skriftelik van hul besluit in kennis stel, welke besluit binne die uitsluitlike diskresie van die direksie sal berus.

8.3 AANDEELHOUERS SE REG TOT INLIGTING

Enige persoon wat 'n voordelige belang hou in enige sekuriteite wat deur die Maatskappy uitgereik word, het die reg om toegang te verkry tot die inligting uiteengesit in, en onderworpe aan, die bepalings van a~~A~~rtikel 26(1) van die Wet en r~~R~~egulasie 24 van die regulasies uitgereik ~~in terme van~~ingevolge die Wet.

8.4 VERTEENWOORDIGING DEUR GEVOLMAGTIGDES

8.4.1 Die reg van 'n aandeelhouer van die Maatskappy om 'n persoon aan te stel as gevolmagtigde, soos uiteengesit in artikel 58 (3)(a) van die Wet word beperk deur hierdie Akte van Oprigting soos hierin bepaal.

8.4.2 Die aanstelling van 'n gevolmagtigde moet skriftelik wees in die formaat deur die Maatskappy voorgeskryf en onderteken word deur die aansteller of sy behoorlik skriftelik gemagtigde verteenwoordiger.

8.4.3 Indien die aansteller 'n regspersoon is, moet die volmag onderteken word op 'n wyse en deur 'n persoon wat daardie regspersoon bind.

8.4.4 Die gevolmagtigde van 'n aandeelhouer is geregtig om sodanige aandeelhouer op 'n vergadering van aandeelhouers van die Maatskappy te verteenwoordig, daaraan deel te neem en daarop namens daardie aandeelhouer te stem.

8.4.5 'n Gevolmagtigde hoef nie 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees nie. 'n Aandeelhouer mag slegs een gevolmagtigde per vergadering aanstel om namens hom op te tree.

8.4.6 Die direksie mag na goeddunke saam met die kennisgewing van enige vergadering volmagvorms in 'n voorgeskrewe formaat uitstuur.

8.4.7 Elke volmagvorm, asook die magtiging (indien enige) waarkragtens dit onderteken is, of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif van so 'n magtiging, moet by die maatskappysekretaris van die Maatskappy, of by sodanige ander plek in die Republiek van Suid-Afrika wat vir daardie doel in die vergadering kennisgewing aangedui word, ingedien word nie minder nie as 48 (agt en veertig) uur (Saterdae, Sondae en openbare vakansiedae uitgesluit) voor die vasgestelde aanvangstyd van -

8.4.7.1 die vergadering of verdaagde vergadering waarop die persoon wat in die volmagdokument benoem word, sy stem wil uitbring; of

8.4.7.2 'n stemming met stembriefies waar sodanige stembriefie-stemming gehou sal word na die vergadering of verdaagde vergadering.

8.4.8 Indien die volmagvorm nie betyds ingedien is nie, word dit as ongeldig behandel.

8.4.9 Tensy uitdruklik anders in die volmag self verklaar, is geen volmagvorm na die verstryking van 6 (ses) maande na die datum daarvan geldig nie, behalwe by 'n stemming met stembriefies wat geëis is op 'n vergadering wat aanvanklik binne 6 (ses) maande na die datum van sodanige volmagdokument gehou is, of op 'n verdaagde vergadering van 'n vergadering gehou binne sodanige tydperk.

8.5 REKORDDATUM VIR DIE UITOEFENING VAN DIE REGTE VAN AANDEELHOUERS

Indien die direksie versuim om 'n rekorddatum, soos beoog in artikel 59 van die Wet, vas te stel, word die rekord datum vasgestel soos bepaal in ooreenstemming met artikel 59(3) van die Wet.

8.6 SEKURITEITEREGISTER

‘n Register van uitgereikte sekuriteite van die Maatskappy word in die geregistreerde kantoor van die Maatskappy daargestel en in die voorgeskrewe formaat in stand gehou en bevat die inligting soos voorgeskryf deur die Wet, insluitende r~~R~~egulasie 32 van die regulasies uitgereik ~~in terme van~~ingevolge die Wet.

**9. AANDEELSERTIFIKATE**

9.1 Behoudens die bepalings van die Wet, kan aandelesertifikate van die Maatskappy uitgereik word in gesertifiseerde of ongesertifiseerde vorm, soos deur die direksie bepaal. Indien dit in gesertifiseerde vorm uitgereik word, word die sertifikate uitgereik op gesag van die direksie op die wyse en in die vorm wat die direksie van tyd tot tyd voorskryf. Indien aandeelsertifikate in gesertifiseerde vorm uitgereik word, sal dit aan die volgende vereistes voldoen:

9.1.1 Aandelesertifikate sal deur ‘n direkteur en deur die Maatskappysekretaris, of ‘n soortgelyke amptenaar aangestel vir die doel, of twee direkteure van die Maatskappy, onderteken word.

9.1.2 ‘n Sertifikaat vir aandele geregistreer in die naam van twee of meer persone moet gelewer word aan die persoon wat eerste in die register as houer daarvan benoem word en lewering van ‘n sertifikaat vir ‘n aandeel aan daardie persoon is voldoende lewering aan al die gesamentlike houers van daardie aandeel.

9.1.3 Enige handtekening wat aangebring word by ‘n aandeelsertifikaat sal aangebring word deur middel van outografiese, elektroniese of meganiese wyse.

9.2 Die voorafgaande bepalings met betrekking tot sertifikate van aandele is *mutatis mutandis* van toepassing op voorkeuraandele en skuldbriewe.

**10. OORDRAG VAN AANDELE**

10.1 Totdat die Maatskappy op ‘n algemene vergadering by wyse van ‘n spesiale besluit tot die teendeel besluit, sal verhandeling van en beskikking oor aandele in die Maatskappy, of enige regte ten aansien van sodanige aandele, beperk wees tot die volgende: Die aandele van die Maatskappy is nie verhandelbaar nie en kan slegs deur die Maatskappy teruggekoop word in omstandighede soos in hierdie Akte van Oprigting uiteengesit.

10.2 Geen aandeelhouer mag dus enige of al sy gewone of voorkeuraandele of enige regte daarin verkoop, vervreem, verruil, verpand of op enige ander wyse van die hand sit as hierin uiteengesit nie.

10.3 Nieteenstaande die voorgaande, is die direksie by magte om in uitsonderlike gevalle ’n aansoek om oordrag van voorkeuraandele tussen aandeelhouers goed te keur, of te weier sonder ‘n opgawe van redes, of die oordrag op sekere terme goed te keur, met dien verstande dat enige oordrag onderworpe is aan die voorwaardes verbonde aan die betrokke klas aandele. Hierdie gevalle sluit in, maar is nie beperk tot, ’n oordrag van ’n vader na ’n seun of van ’n individu na ’n regsentiteit waarvan die individu ’n lid of aandeelhouer is.

10.4 Die oordraggewer en oordragnemer van ’n oordrag soos bedoel in klousule~~artikel~~ 10.3 is verantwoordelik vir die betaling van belasting indien van toepassing.

10.5 Indien enige oordrag van aandele soos hierin vermeld wel deur die direksie goedgekeur word, word die oordraggewer geag die houer van die aandeel te bly totdat die aandele in die naam van die oordragnemer geregistreer is.

10.6 Waar die oorgangsklousule van toepassing is by die likwidasie, sekwestrasie, afsterwe of andersins van die betrokke aandeelhouer, sal die voormelde verhandelingsbepalings *mutatis mutandis* van toepassing wees.

**11. OORGANG VAN AANDELE**

11.1 Iemand wat bewys lewer van sy aanstelling as eksekuteur, administrateur, trustee, kurator of voog ten opsigte van die boedel of belang van 'n aandeelhouer van die Maatskappy, of van 'n aandeelhouer wie se boedel gesekwestreer is of van 'n aandeelhouer wat andersins handelingsonbevoeg is of as die likwidateur van 'n regspersoon wat 'n aandeelhouer van die Maatskappy is, moet in die sekuriteiteregister van die Maatskappy *nomine officio* ingeskryf word en word daarna vir alle doeleindes geag 'n aandeelhouer van die Maatskappy te wees.

11.2 Die eksekuteur van die boedel van 'n oorlede aandeelhouer is die enigste persoon wat deur die Maatskappy erken word as reghebbende van die aandele gehou deur 'n oorlede aandeelhouer. In die geval van 'n aandeel wat geregistreer is in die naam van twee of meer aandeelhouers waarvan een oorlede is, is die langslewende(s) en die eksekuteur van die oorlede aandeelhouer die enigste persone wat deur die Maatskappy erken word as reghebbendes van die aandeel.

(KlousuleArtikel 11 word hierin na verwys as "die oorgangsklousule")

**12. TERUGKOOP/AFLOS VAN AANDELE**

12.1 STAKING VAN BOERDERY OF BEDANKING

12.1.1 Die gewone aandele wat geregistreer is in die naam van 'n aandeelhouer wat sy boerdery permanent gestaak het of wat bedank as aandeelhouer, word op skriftelike kennisgewing van die aandeelhouer en by besluit van die direksie ingetrek en deur die Maatskappy teruggekoop.

12.1.2 Die voorkeuraandele wat geregistreer is in die naam van 'n aandeelhouer wat sy boerdery permanent gestaak het of wat bedank as aandeelhouer, word nie teruggekoop/afgelos voor die algehele aflossing van die betrokke klas aandele nie tensy die direksie sodanige aflossing magtig, in welke geval die aandele teen 'n verdiskonteerde koers afgelos sal word soos deur die direksie bepaal, en met inagneming van enige belasting wat ten opsigte daarvan betaalbaar mag wees. Die bedrag betaalbaar aan die aandeelhouer word eerstens aangewend ter delging van enige bedrag verskuldig deur die aandeelhouer aan die Maatskappy en die balans word oorbetaal aan die aandeelhouer.

12.2 AFSTERWE

12.2.1 Die gewone aandele wat geregistreer is in die naam van 'n aandeelhouer wat oorlede is, word op versoek van die Meester van die Hooggeregshof of die eksekuteur van die boedel, by besluit van die direksie, deur die Maatskappy teruggekoop.

12.2.2 Die voorkeuraandele wat geregistreer is in die naam van 'n aandeelhouer wat oorlede is, word, mits fondse volgens oordeel van die direksie beskikbaar is, afgelos en die bedrag opbetaal op die aandele aan die Meester van die Hooggeregshof of eksekuteur oorbetaal vir storting in die boedel, na vereffening van enige uitstaande gelde verskuldig aan die Maatskappy en met inagneming van enige belasting wat ten opsigte daarvan betaalbaar mag wees.

12.3 SEKWESTRASIE OF LIKWIDASIE

12.3.1 Die gewone aandele wat geregistreer is in die naam van ‘n aandeelhouer wie se boedel gesekwestreer of gelikwideer is, word op versoek van die Meester van die Hooggeregshof of die likwidateur van die boedel, by besluit van die direksie deur die Maatskappy teruggekoop.

12.3.2 Die voorkeuraandele wat geregistreer is in die naam van ’n aandeelhouer wie se boedel gesekwestreer of gelikwideer is, word, mits fondse volgens oordeel van die direksie beskik~~-~~baar is, afgelos, in welke geval die aandele teen ’n verdiskonteerde koers teruggekoop/ afgelos sal word soos deur die direksie bepaal, en met inagneming van enige belasting wat ten opsigte daarvan betaalbaar mag wees. Die bedrag betaalbaar aan die aandeelhouer word eerstens aangewend ter delging van enige bedrag verskuldig deur die aandeelhouer aan die Maatskappy en die balans word oorbetaal aan die likwidateur vir storting in die boedel.

12.4 WANNEER AANDEELHOUER ONAKTIEF IS

12.4.1 Wanneer ‘n aandeelhouer vir ‘n onafgebroke tydperk van 2 (twee) jaar geen besigheid met die Maatskappy gedoen het nie en/of versuim het om die Maatskappy van sy adresverandering in kennis te stel en daardeur die Maatskappy verhinder om met hom in verbinding te tree, kan sy aandele, in die diskresie van die direksie, deur die Maatskappy teruggekoop/afgelos word. Waar die Maatskappy wel suksesvol met sodanige onaktiewe lid in verbinding kan tree, is klousule~~Artikel~~ 12.1 hierbo van toepassing.

12.4.2 In gevalle waar ’n onaktiewe aandeelhouer nie opgespoor kan word nie, word die bedrag wat op die betrokke aandele opbetaal is, na ‘n spesiale rekening, genoem “Onopgeëiste Aandelegelde”, oorgedra. Indien geen eis deur die aandeelhouer binne 3 (drie) jaar na sodanige oordrag teen die rekening ingestel word nie, word die betrokke bedrag aan die Maatskappy verbeur en na die onaangewende inkomste van die Maatskappy oorgeplaas, met inagneming van enige belasting wat ten opsigte daarvan betaalbaar mag wees.

12.5 VOORWAARDES VAN VOORKEURAANDELE

Voorkeuraandele word deur die Maatskappy teruggekoop of afgelos volgens die voorwaardes verbonde aan die betrokke klas aandele, onderworpe aan die diskresie van die direksie.

## 13. UITKERINGS AAN AANDEELHOUERS VAN DIE MAATSKAPPY

13.1 Die direksie mag uitkerings aan aandeelhouers magtig onderworpe aan die bepalings van a~~A~~rtikel 46 van die Wet, met dien verstande dat uitkerings die toekenning van aansporings-kortings en dividende, asook die aflossing en/of terugkoop van voorkeuraandele insluit.

13.2 Geen uitkering mag gedoen of aanbeveel word nie tensy dit redelikerwys blyk dat die M~~m~~aatskappy aan die solvensie- en likiditeitstoets soos bedoel in artikel 4 van die Wet ("solvensie- en likiditeitstoets") sal voldoen onmiddellik nadat die voorgestelde uitkering afgehandel is en die direksie, per besluit, erken het dat hy die solvensie- en likiditeitstoets toegepas het, en redelikerwys die gevolgtrekking maak dat die M~~m~~aatskappy aan die solvensie- en likiditeitstoets sal voldoen onmiddellik nadat die voorgestelde uitkering afgehandel is. Nieteenstaande die uitslag van die solvensie- en likiditeitstoets, is die direksie, in sy uitsluitlike diskresie, by magte om te besluit om nie die uitkering of ’n gedeelte daarvan, te magtig nie.

13.3 Indien die uitkering beoog in ’n spesifieke direksiebesluit nie voltooi is binne 120 (honderd en twintig) sakedae nadat die direksie die solvensie- en likiditeitstoets toegepas het nie, moet die direksie die uitkering heroorweeg.

13.4 Die direksie is geregtig om jaarliks te besluit watter deel van die Maatskappy se winste as aansporingskortings aan die aandeelhouers en/of klante van die Maatskappy toegeken word ter aansporing van toekomstige besigheid van aandeelhouers en/of klante met die Maatskappy, hetsy deur die toekenning van voorkeuraandele of by wyse van ’n ander instrument soos deur die direksie bepaal.

13.5 Die aansporingskortings word toegeken ooreenkomstig hierdie Akte van Oprigting en die aansporingskortingsbeleid soos van tyd tot tyd deur die aandeelhouers goedgekeur.

13.6 Die direksie is ook by magte om dividende te verklaar. ’n Dividend mag nie die bedrag wat deur die direkteure aanbeveel word, oorskry nie. Dividende sal slegs betaalbaar wees op ‘n datum na verklaring van die dividend.

13.7 Geen dividende word anders as uit onaangewende winste verklaar, of dra rente teen die Maatskappy nie.

13.8 Enige dividend wat vir ‘n periode van 3 (drie) jare vanaf die datum van verklaring daarvan onopgeëis is, mag deur ‘n besluit van die direksie aan die Maatskappy verbeurd verklaar word. Die direkteure mag te enige tyd sodanige verbeurdverklaring tersyde stel op sodanige voorwaardes (indien enige) soos wat hul goeddink. Alle onopgeëiste dividende mag deur die direksie ten behoewe van die Maatskappy belê word of andersins aangewend word.

13.9 Die direksie of ‘n algemene vergadering van die Maatskappy wat ‘n dividend verklaar mag bepaal dat enige sodanige dividend in die geheel of gedeeltelik betaalbaar sal wees deur die verdeling van spesifieke bates (dividend in spesie), en/of deur die uitreiking van aandele, skuldbriewe of skuldbriefeffekte van die Maatskappy, of deur ‘n kombinasie van voor-genoemde wyses.

13.10 Uitkerings mag met of sonder die aftrekking van inkomstebelasting of enige ander belasting of heffing ten opsigte waarvan die Maatskappy, die aandeelhouer, of die Maatskappy namens die aandeelhouer, aanspreeklik mag wees, verklaar word.

13.11 Die d~~D~~ireksie is by magte om van tyd tot tyd tussentydse dividende te betaal~~verklaar~~.

13.12 Die direksie is by magte om, voordat enige voorkeur- of ander dividend verklaar of aanbeveel word, uit die bedrag beskikbaar vir dividende 'n bedrag wat die direksie goeddink toewys aan onaangewende wins. Die direksie mag die onaangewende wins verdeel in kategorieë soos hul goeddink, en is ten volle bevoeg om die bates deur sodanige onaangewende wins verteenwoordig in die besigheid van die Maatskappy aan te wend of om sodanige bates te investeer in sodanige beleggings (andersins as die aandele van die Maatskappy) soos wat die direkteure goeddink.

13.13 Die direksie is by magte om te enige tyd die opgehoopte wins tussen die aandeelhouers van die Maatskappy te verdeel by wyse van 'n kapitalisasie dividend of 'n spesiale dividend ooreenkomstig hierdie Akte van Oprigting en die bepalings van die Wet, of om die opgehoopte wins te allokeer as voorkeuraandele van ’n klas en op voorwaardes soos die direksie na goeddunke bepaal.

**14. VERANDERING VAN KAPITAAL**

14.1 Die Maatskappy mag van tyd tot tyd deur 'n spesiale besluit die gemagtigde aandelekapitaal vermeerder met 'n bedrag, verdeel in aandele van sodanige klas en met sodanige voorwaardes as wat in die omstandighede gepas mag wees.

14.2 Behoudens enige bepalings rakende skepping of uitreiking daarvan is nuwe aandele onderworpe aan dieselfde bepalings aangaande oordrag, oorgang en andersins as die aandele in die oorspronklike kapitaal.

14.3 Die aandeelhouers van die Maatskappy het nie 'n voorkeurreg vir die aanbieding van addisionele aandele van die Maatskappy nie.

**15. LENINGSBEVOEGDHEDE**

15.1 Behoudens die bepalings van hierdie Akte van Oprigting kan die direksie van tyd tot tyd, en op sodanige voorwaardes as wat hulle goeddink, al die bevoegdhede van die Maatskappy uitoefen om geld te leen en om sy onderneming of 'n deel daarvan met verband te beswaar of om die Maatskappy te bind en om skuldbriewe, skuldbriefeffekte en ander sekuriteite uit te reik, hetsy regstreeks of as sekuriteit vir 'n skuld, verpligting of verbintenis van die Maatskappy of van 'n derde party, met dien verstande dat geen spesiale voorregte rakende die uitreiking van aandele of effekte toegestaan sal word nie, behalwe by wyse van 'n besluit van die aandeelhouers.

15.2 Behoudens die bepalings van hierdie Akte van Oprigting mag enige skuldbriewe, skuldbrief-effekte, verbande of ander sekuriteite teen 'n premie uitgereik word en met enige spesiale voorwaardes met betrekking tot aflossing, oorgawe of trekking.

15.3 Die direksie kan lenings aangaan by die Maatskappy se aandeelhouers en rente betaal op sodanige aandeelhouerslenings soos van tyd tot tyd bepaal. Die direksie kan verskillende klasse aandeelhouerslenings skep met verskillende voorwaardes van toepassing ten opsigte van elke klas aandeelhouerslening.

**16. AANDEELHOUERSVERGADERINGS**

16.1 Die Maatskappy hoef nie enige aandeelhouersvergaderings te hou anders as dié wat spesifiek vereis word deur die Wet nie.

16.2 Die direksie mag 'n algemene vergadering van die Maatskappy belê op die tyd en plek deur die direksie bepaal.

16.3 Aandeelhouers is geregtig om skriftelik te versoek dat 'n aandeelhouersvergadering byeen-geroep word indien sodanige versoek die spesifieke doel beskryf waarvoor die vergadering voorgestel word en onderteken word deur die houers van ten minste 10% (tien persent) van die stemregte wat daarop geregtig is om uitgeoefen te word met betrekking tot die saak wat na voorneme by die vergadering oorweeg gaan word.

**17. KENNISGEWING VAN AANDEELHOUERSVERGADERINGS**

17.1 Die Maatskappy moet 'n kennisgewing van elke aandeelhouersvergadering op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe formaat aan al die aandeelhouers van die Maatskappy lewer, vanaf die rekorddatum vir die vergadering, ten minste 15 (vyftien) sakedae voordat die vergadering moet begin.

17.2 Die kennisgewingtydperk sluit nie die dag in waarop die kennisgewing uitgereik word of die dag waarop die vergadering gehou moet word nie.

17.3 Die kennisgewing van ŉ aandeelhouersvergadering moet skriftelik wees en moet die besonderhede bevat soos uiteengesit in aArtikel 62(3) van die Wet.

17.4 ŉ Nie-wesenlike defek in die formaat of wyse waarop kennis van ŉ aandeelhouers-vergadering gegee is, of ŉ toevallige of onopsetlike versuim in die lewering van die kennisgewing aan enige spesifieke aandeelhouer aan wie dit geadresseer was, maak nie enige handeling wat op die vergadering geneem is, nietig nie.

**18. VERRIGTINGE OP AANDEELHOUERSVERGADERINGS**

18.1 SAKELYS

Die algemene jaarvergadering van aandeelhouers moet alle sake deur die Wet voorgeskryf hanteer, en kan met enige ander sake handel wat regmatig aan die vergadering voorgelê word.

18.2 IDENTIFIKASIE

Voordat enige persoon ŉ aandeelhoursvergadering kan bywoon of daaraan kan deelneem moet daardie persoon redelike bevredigende identifikasie kan verskaf en moet die voorsitter tevrede wees dat die reg van daardie persoon om deel te neem en te stem, hetsy as aandeelhouer of as ŉ gevolmagtigde van ŉ aandeelhouer, redelikerwys bevestig is.

18.3 ELEKTRONIESE KOMMUNIKAISE

Die bevoegdheid van die Maatskappy om 'n vergadering heeltemal uit te voer deur middel van elektroniese kommunikasie of om voorsiening te maak vir gedeeltelike deelname in 'n vergadering deur middel van elektroniese kommunikasie, soos uiteengesit in artikel 63 van die Wet, word nie beperk deur hierdie Akte van Oprigting nie.

18.4 STEMMING

18.4.1 By ŉ vergadering van aandeelhouers kan stemming òf deur die opsteek van hande òf met stembriefies geskied.

18.4.2 Indien stemming deur die opsteek van hande geskied, het elke aandeelhouer of gevolmagtigde van ŉ aandeelhouer wat op die vergadering teenwoordig is en geregtig is op die uitoefening van stemmereg, een stem, ongeag die getal stemregte waarop die persoon andersins geregtig sou wees.

18.4.3 'n Verklaring deur die voorsitter van die vergadering dat 'n besluit eenparig of met 'n bepaalde meerderheid aangeneem is deur die opsteek van hande, of nie met 'n bepaalde meerderheid aangeneem is nie of afgestem is, en 'n inskrywing te dien effekte in die notuleboek, is afdoende bewys van daardie feit.

18.4.4 Behoudens die regte of beperkinge rakende stemreg wat daar aan ‘n klas of klasse van aandele verbonde is, indien stemming oor ’n spesifieke aangeleentheid by wyse van stembriefies geskied, het enige persoon wat by die vergadering teenwoordig is, hetsy as aandeelhouer of as gevolmagtigde van ’n aandeelhouer, die getal stemme bepaal ooreenkomstig die stemregte wat geassosieer is met die sekuriteite wat deur daardie aandeelhouer gehou word.

18.4.5 ŉ Stemming by wyse van stembriefies moet gehou word oor enige spesifieke aangeleentheid waaroor by ’n vergadering gestem moet word as ’n eis vir so ’n stemming gemaak word deur -

(a) ten minste vyf persone wat die reg het om oor daardie aangeleentheid te stem, hetsy as ’n aandeelhouer of as ’n gevolmagtigde wat ’n aandeelhouer verteenwoordig; of

(b) ’n persoon wat, of persone wat saam, as aandeelhouer of gevolmagtigde wat ’n aandeelhouer verteenwoordig, geregtig is om ten minste 10% van die stemregte waarmee oor daardie aangeleentheid gestem mag word, uit te oefen.

18.4.6 In ’n stemming met stembriefies, geskied die stemming op die wyse wat die voorsitter bepaal en die uitslag van 'n stemming met stembriefies word geag die besluit te wees van die vergadering waarop die stemming met stembriefies gehou is. In die geval van ’n dispuut rakende die toelating of andersins van ’n stem~~reg~~, sal die voorsitter die dispuut in goeie trou beslis en sal sy besluit te dien effekte finaal en bindend wees.

18.4.7 ‘n Stemming met stembriefies wat geëis word rakende die verkiesing van ‘n voorsitter of oor die vraag of die vergadering verdaag moet word, moet onverwyld geskied. ‘n Stemming met stembriefies wat geëis word oor enige ander aangeleentheid moet geskied op die tyd wat die voorsitter van die vergadering bepaal. Die eis om ‘n stemming met stembriefies verhinder nie die voortsetting van ‘n vergadering vir die behandeling van enige ander sake as die vraag waaroor die stemming met stembriefies geëis is nie.

18.4.8 In die geval van gesamentlike houers van aandele word die stem van die persoon wie se naam eerste in die lederegister verskyn en wat sy stem hetsy persoonlik of deur ‘n gemagtigde aanbied, aangeneem tot uitsluiting van die stemme van die ander gesamentlike houers.

18.4.9 Die *curator bonis* van ‘n kranksinnige aandeelhouer asook elke persoon wat kragtens die oorgangsklousule geregtig is om aandele te hou of oor te dra, kan op ‘n algemene vergadering ten opsigte daarvan op dieselfde wyse stem asof hy die geregistreerde houer van daardie aandele is, met dien verstande dat hy, minstens 48 (agt-en-veertig) uur voor die tyd waarop die vergadering, waartydens hy sy stem wil uitbring, gehou word, aan die Maatskappysekretaris of direksie bevredigende bewys moet lewer dat hy kragtens die oorgangsklousule geregtig is om daardie aandele te hou of oor te dra, of dat die direkteure al vantevore sy reg om ten opsigte van daardie aandele te stem, erken het. Mede-eksekuteurs van ‘n oorlede aandeelhouer, word vir die doeleindes van hierdie Akte van Oprigting geag gesamentlike houers van daardie aandele te wees.

18.4.10 Die voorsitter van 'n vergadering mag: -

18.4.10.1 enige firma of persone as stemopnemers aanstel om die volmag-dokumente wat ontvang is, na te gaan en om die stemme op die vergadering te tel;

18.4.10.2 op grond van 'n sertifikaat wat deur enige sodanige stemopnemer gegee is, handel sonder om voorlegging van enige volmagdokument tydens die vergadering te eis en sonder om self die stemme te tel.

18.5 VERGADERINGKWORUM EN VERDAGING

18.5.1 Geen sake word op ‘n algemene vergadering behandel nie tensy ‘n kworum lede aanwesig is op die tydstip waarop die vergadering met sy sake begin.

18.5.2 ’n Kworum bestaan uit ten minste vyftig aandeelhouers in persoon teenwoordig, of by wyse van volmag, met dien verstande dat daar altyd ten minste drie aandeelhouers persoonlik teenwoordig sal wees.

18.5.3 'n Regspersoon wat 'n aandeelhouer van die Maatskappy is en deur 'n behoorlik aangestelde verteenwoordiger verteenwoordig word, word vir doeleindes van hierdie klousule~~artikel~~ geag 'n aandeelhouer te wees wat persoonlik aanwesig is.

18.5.4 Indien, binne 30 (dertig) minute na die aangewese tyd waarop 'n vergadering moet begin, nie aan die vereiste kworum: -

a) vir daardie vergadering om te begin, voldoen is nie, word die vergadering sonder mosie, stem of verdere kennisgewing vir een week uitgestel;

b) vir oorweging van 'n spesifieke saak om te begin, voldoen is nie -

(i) kan oorweging van daardie saak sonder mosie of stemming tot 'n later tydstip in die vergadering uitgestel word indien daar ander sake op die agenda van die vergadering is; of

(ii) indien daar geen ander sake op die agenda van die vergadering is nie, word die vergadering sonder mosie of stemming vir een week verdaag.

18.5.5 Die Voorsitter kan die limiet van 30 (dertig) minute, wat in klousulesubartikel 18.5.4 toegelaat word, vir 'n redelike tyd uitstel op grond van buitengewone omstandighede.

18.5.6 Die Maatskappy is nie verplig om verdere kennisgewing te gee van 'n vergadering wat ingevolge klousulesubartikel 18.5.4 uitgestel of verdaag is nie, tensy die ligging van die vergadering verskil van: -

a) die ligging van die uitgestelde of verdaagde vergadering; of

b) 'n ligging wat ten tyde van die verdaging aangekondig is, in die geval van 'n verdaagde vergadering.

18.5.7 Indien daar, op die tyd wat ingevolge hierdie artikel aangedui is vir 'n uitgestelde vergadering om te begin, of vir 'n verdaagde vergadering om te hervat, nie binne 10 (tien) minute na die vasgestelde aanvangstyd aan die vereiste vir 'n kworum voldoen is nie, sal die aandeel-houers van die Maatskappy wat persoonlik of per volmag teenwoordig is, geag word 'n kworum uit te maak.

18.5.8 'n Aandeelhouersvergadering, of die oorweging van enige saak wat op die vergadering gedebatteer word, kan van tyd tot tyd verdaag word, behoudens klousulesubartikel 18.5.9, op 'n mosie wat gesteun word deur persone wat daarop geregtig is om, in totaal, 'n meerderheid uit te oefen van die stemregte:-

a) wat gehou word deur al die persone wat op daardie tydstip op die vergadering teenwoordig is; en

b) wat geregtig is om uitgeoefen te word op ten minste een saak wat op die agenda van die vergadering oorbly, of op die saak onder besprekingdebat, na gelang van die geval.

18.5.9 'n Verdaging van 'n vergadering, of van oorweging van 'n saak wat op die vergadering bespreekgedebatteer word, kan óf tot 'n vaste tyd en plek wees, óf tot verdere kennisgewing, soos tydens die vergadering ooreengekom word, en 'n verdere kennisgewing sal slegs aan aandeelhouers gegee word indien die verdaging "tot verdere kennisgewing" was.

18.5.10 'n Aandeelhoudersvergadering kan nie verdaag word vir later as die vroegste van -

a) die datum wat 120 (honderd en twintig) sakedae na die rekorddatum is wat in ooreenstemming met aArtikel 59 van die Wet bepaal is nie; of

b) die datum wat 60 (sestig) sakedae na die datum is waarop die verdaging plaasgevind het nie, met dien verstande dat ’n aandeelhouersvergadering onbeperk verdaag kan word indien die vergadering aldus besluit.

18.6 VOORSITTER

18.6.1 Die voorsitter van die direksie of, in sy afwesigheid, die ondervoorsitter van die direksie tree by aandeelhouersvergaderings van die Maatskappy as voorsitter op.

18.6.2 Indien daar geen sodanige voorsitter of ondervoorsitter is nie, of sodanige voorsitter of ondervoorsitter binne 10 (tien) minute na die vasgestelde aanvangstyd van die vergadering nog nie aanwesig is nie, of sodanige voorsitter of ondervoorsitter onwillig is om as voorsitter op te tree, kies die aanwesige direkteure een uit hul geledere om as voorsitter op te tree, maar indien slegs een direkteur aanwesig is, tree hy, indien hy gewillig is, as voorsitter op.

18.7 AANDEELHOUERSBESLUITE

18.7.1 Elke besluit van aandeelhouers is òf ’n gewone besluit òf ’n spesiale besluit.

18.7.2 Elke saak aan ‘n aandeelhouersvergadering vir beslissing voorgelê, behalwe ‘n saak wat ooreenkomstig hierdie Akte van Oprigting of wetgewing ‘n spesiale besluit vereis, word beslis by wyse van ‘n gewone besluit.

18.7.3 Die direksie kan enige besluit voorstel wat deur aandeelhouers oorweeg moet word, en kan bepaal of daardie besluit op ’n vergadering, of per stemming of skriftelike toestemming deur die aandeelhouers oorweeg moet word.

18.7.4 Vir ’n gewone besluit om deur aandeelhouers goedgekeur te word, moet dit ondersteun word deur meer as 50% van die stemregte wat oor die besluit uitgeoefen word.

18.7.5 Vir 'n spesiale besluit om deur aandeelhouers goedgekeur te word, moet dit ondersteun word deur ten minste 75% van die stemregte wat uitgeoefen word oor die besluit, uitgesluit-

a) ’n spesiale besluit ~~in terme van~~ingevolge ~~a~~Artikel 115 van die ~~Maatskappyw~~Wet~~, nr. 71 van 2008~~;

b) ’n spesiale besluit wat handel met die oordrag of verhandelbaarheid van aandele, of die wysiging van die terme en voorwaardes verbonde aan enige klas aandele, in welke gevalle die spesiale besluit ten einde goedgekeur moet word, ondersteun moet word deur 75% van die totale stemregte wat uitgeoefen kan word oor sodanige besluit.

18.7.6.1 ’n Besluit waaroor daar by ’n aandeelhouersvergadering gestem kan word, uitgesluit sake wat by ’n algemene jaarvergadering afgehandel moet word, kan in plaas daarvan -

a) vir oorweging voorgelê word aan die aandeelhouers wat daarop geregtig is om stemregte met betrekking tot die besluit uit te oefen; en

b) binne 20 (twintig) sakedae nadat die besluit aan hulle voorgelê is, skriftelik oor gestem word deur aandeelhouers wat daarop geregtig is om stemregte met betrekking tot die besluit uit te oefen.

18.7.6.2 ’n Besluit beoog in klousule 18.7.6.1~~subartikel (1)~~ -

a) sal aangeneem wees indien dit gesteun word deur persone wat daarop geregtig is om voldoende stemregte uit te oefen dat dit as ’n gewone of spesiale besluit, na gelang

van die geval, by ’n behoorlik saamgestelde aandeelhouersvergadering aangeneem sou gewees het; en

b) indien dit aangeneem is, het dieselfde uitwerking asof dit deur stemming by ’n vergadering goedgekeur is.

18.7.6.3 ’n Verkiesing van ’n direkteur wat by ’n aandeelhouersvergadering gedoen kan word, kan in plaas daarvan gedoen word deur skriftelike stemme te verkry van al die aandeelhouers wat daarop geregtig is om stemregte uit te oefen met betrekking tot die verkiesing van daardie direkteur.

18.7.6.4 Binne 10 (tien) sakedae nadat ’n besluit aangeneem is, of ’n verkiesing van direkteure gehou is, ingevolge hierdie klousule~~artikel~~, moet die M~~m~~aatskappy ’n verklaring waarin die uitslae van die stemming, toestemmingsproses of verkiesing beskryf word, lewer aan elke aandeelhouer wat daarop geregtig was om te stem oor of tot die besluit toe te stem, of in die verkiesing van die direkteur te stem, na gelang van die geval.

## 19. DIREKTEURE

19.1 Behoudens die bepalings van die Wet, word die bedrywighede en sake van die Maatskappy bestuur en beheer deur ‘n ~~raad van~~ direksie~~teure~~ bestaande uit nie minder as 7 (sewe) en nie meer as 17 (sewentien) direkteure nie, wat bestaan uit uitvoerende en nie-uitvoerende direkteure soos van tyd tot tyd deur die aandeelhouers bepaal.

19.2 Die Maatskappy kan van tyd tot tyd op ‘n algemene vergadering die getal direkteure, hulle ampstermyne en die wyse van hulle uittrede bepaal.

19.3 Direkteure wat aandeelhouers is, word in wyksverband verkies (“wyksdirekteure”) soos uiteengesit in klousule 20, met dien verstande dat ten minste 50% (vyftig persent) van die direkteure te alle tye wyksdirekteure sal wees wat deur die aandeelhouers verkies word. Totdat die Maatskappy tydens ’n algemene vergadering tot die teendeel besluit, sal die direksie gemagtig wees om die bedieningsgebied van die Maatskappy in wyke te verdeel, en die grense en hoeveelheid direkteure wat elke wyk mag verteenwoordig, vas te stel. Sodanige vasstelling sal op aanbeveling van die direksie op ‘n algemene vergadering goedgekeur word.

19.4 Die direksie is by magte om persone as direkteure aan te stel ten einde die nodige verteenwoordiging of kundigheid te bekom. Die terme en voorwaardes van die aanstelling van sodanige direkteure berus in die uitsluitlike diskresie van die direksie. Behoudens sodanige direkteure en uitvoerende direkteure, sal elke ander direkteur ’n aandeelhouer van die Maatskappy wees.

19.5 Die direksie kan die advies van professionele persone of kundiges inwin en is ook by magte om persone te ko-opteer tot die direksie.

19.6 Nieteenstaande enige andersluidende bepaling hierin vervat, staan dit aandeelhouers vry om ’n direkteur te benoem wat nie in die betrokke wyk woonagtig is nie, mits sodanige genomineerde in eie naam ’n aandeelhouer van die Maatskappy is en in staat is om die pligte en verantwoordelikhede na te kom soos deur wetgewing vereis en soos deur die Direksie voorgeskryf.

## 20. NOMINASIE EN VERKIESING VAN WYKSDIREKTEURE

20.1 Aandeelhouers sal as direkteure verkiesbaar wees alleenlik indien hulle soos vervolgens uiteengesit, skriftelik genomineer word, en nie ~~in terme van~~ingevolge die Wet gediskwalifiseer is om ’n direkteur te wees nie.

20.2 Minstens 75 (vyf en sewentig) dae voor die hou van die algemene jaarvergadering word aandeelhouers skriftelik in kennis gestel van die vakatures wat op die direksie sal ontstaan ten gevolge waarvan skriftelike nominasies van die betrokke wykslede ingewag word tot 'n voorafbepaalde datum en tyd wat minstens 60 (sestig) dae voor die aanvang van die algemene jaarvergadering moet wees.

20.3 Die n~~N~~ominasie~~-~~k~~K~~omitee van die direksie ("Nominasiekom~~m~~itee") sal behulpsaam wees met die identifisering van gepaste kandidate vir die amp van direkteurskap na aanleiding van die direksie se vereistes rondom kennis, vaardighede en ander vereistes. Die Nominasiekomitee sal genomineerdes se verwysings nagaan en wykslede inlig van die Nominasie~~-~~k~~K~~omitee se bevindings en aanbevelings.

20.4 Nominasies vir die verkiesing van direkteure word skriftelik deur aandeelhouers gedoen op vorms wat deur die Maatskappy vir hierdie doel verskaf word. Nominasievorms, behoorlik onderteken deur twee aandeelhouers van die wyk waarin die vakature bestaan wat bevoeg is om op die algemene vergadering te stem, tesame met die skriftelike verklaring van die genomineerde dat hy homself verkiesbaar stel, en sy belange openbaar, moet by die Maatskappysekretaris ingedien word voor of op die datum en tyd deur die direksie of die Maatskappysekretaris bepaal. Sodanige nominasie sal aan die volgende bepalings onderworpe wees:

20.4.1 Indien slegs een kandidaat vir 'n vakature ten opsigte van 'n bepaalde wyk genomineer word, word die genomineerde kandidaat op die algemene jaarvergadering as verkose bevestig.

20.4.2 Indien daar meer as een kandidaat ten opsigte van 'n vakature in 'n bepaalde wyk genomineer word, word deur middel van stemming van die lede van die betrokke wyk op 'n wyksverkiesing wat ten opsigte van daardie wyk gehou word, 'n direkteur uit die kandidate vir daardie wyk gekies. Die kandidaat wat die hoogste getal stemme kry, word op die algemene jaarvergadering as verkose bevestig. Slegs aandeelhouers en gemagtigdes wat persoonlik op die wyksverkiesing teenwoordig is, mag aan die verkiesing deelneem. Aandeelhouers wat nie in staat is om persoonlik of deur 'n gevolmagtigde die verkiesing by te woon nie, sal toegelaat word om voor die wyksverkiesing in persoon hul stemme by die Maatskappysekretaris uit te bring.

20.4.3 Sodanige wyksverkiesing word minstens 30 (dertig) dae voor die algemene jaarvergadering gehou en word belê deur die Maatskappysekretaris deur middel van 'n kennisgewing wat minstens 14 (veertien) dae voor die datum van die wyksverkiesing aan die geregistreerde adresse van die betrokke wykslede gepos word. Die prosedure wat gevolg word, die metode van verkiesing, die plek en die tydsduur van sodanige verkiesing word in die kennisgewing aan wykslede uiteengesit en verder by die aanvang van die verkiesing verduidelik.

20.4.4 Indien geen kandidaat genomineer word om die vakature in ‘n bepaalde wyk te vul nie, kan die vakature wat aldus ontstaan, gevul word deur 'n aandeelhouer wat deur die direksie aangestel word tot die volgende algemene jaarvergadering.

20.4.5 'n Vakature wat in die loop van die jaar op die direksie mag ontstaan, kan gevul word tot die volgende algemene jaarvergadering deur 'n aandeelhouer wat deur die oorblywende direkteure aangestel word, of die direksie kan besluit om nominasies van die wykslede aan te vra en 'n wyksverkiesing te hou. Indien die direksie sodanige vakature vul, sal die betrokke direkteur op die volgende jaarvergadering bedank en sal 'n wyksverkiesing gehou word om die vakature te vul. Sodanige direkteur is herkiesbaar.

20.4.6 'n Direkteur wat tydens 'n wyksverkiesing verkies word om 'n vakature te vul en wie se verkiesing op die volgende algemene jaarvergadering bevestig word, beklee nie die amp

vir ’n langer tydperk as die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die direkteur wie se amp vakant geraak het nie.

20.4.7 Indien ’n direkteur die ouderdom van 70 jaar bereik, soos bepaal in artikel 22.1(k) van die Akte van Oprigting, sal sodanige direkteur uittree tydens die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers, en die vakature wat gevolglik ontstaan, gevul word deur ’n aandeelhouer wat deur die Direksie aangestel word vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die direkteur wat uitgetree het. Die Direksie kan ook besluit om nominasies van wykslede aan te vra en ’n wyksverkiesing te hou.

## 21. VERGOEDING VAN DIREKTEURE

22.1 ~~21.1~~ Die vergoeding van die direkteure vir hulle diens as direkteure word van tyd tot tyd deur die aandeelhouers deur spesiale besluit goedgekeur.

21.2 Die direkteure sal ten aansien van reis- en ander onkoste behoorlik en noodsaaklik deur hulle aangegaan rakende die besigheid van die Maatskappy, vergoed word soos deur die direksie bepaal.

## 22. GESKIKTHEID VAN DIREKTEURE

22.1 ’n Direkteur is onbevoeg en hou op om ’n direkteur te wees indien hy :

a) nie-beskikbaar of gediskwalifiseer of onbevoeg is om ‘n direkteur te wees soos uiteengesit in a~~A~~rtikel 69 van die Wet; of

b) nie langer ’n aandeelhouer van die Maatskappy is nie, met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is op gekoöpteerde/eksterne direkteure en uitvoerende direkteure nie; of

c) by wyse van ‘n gewone besluit deur die M~~m~~aatskappy gelas word om sy amp te ontruim; of

d) deur skriftelike kennisgewing aan die Maatskappy uit sy amp bedank; of

e) hom skuldig maak aan wangedrag of pligsversuim en deur die direksie uit sy amp onthef word; of

f) geestelik onbevoeg word om hom van sy taak te kwyt; of

g) van meer as vier agtereenvolgende vergaderings van die direksie afwesig is sonder verlof, tensy hy afwesig is in verband met die sake van die Maatskappy; of

h) enige ander bedryf of besigheid beoefen of bestuur waarvan die aard van sake wat onderneem word sodanig is dat dit volgens die oordeel van die direksie in konkurrensie met die Maatskappy se eie besigheid is; of

i) versuim om enige belang in ‘n kontrak of voorgenome kontrak met die Maatskappy, en die aard en omvang daarvan, soos deur die Wet vereis, te verklaar; of

j) so ’n stadium van agterstalligheid van sy verpligtinge as produsent teenoor die Maatskappy bereik het dat dit na die oordeel van die direksie, in die beste belang van die Maatskappy is dat die direkteur sy amp ontruim; of

k) die ouderdom van 70 jaar bereik, in welke geval die bepalings van artikel 20.4.7 toepassing vind.

**23. ROTASIE VAN NIE-UITVOERENDE DIREKTEURE**

23.1 Die ampstermyn van wyksdirekteure is drie jaar, en op elke algemene jaarvergadering sal een-derde van die wyksdirekteure, of so na as moontlik aan een-derde, ~~uit~~ hul ampte ontruim~~bedank~~. Hierdie direkteure sal verplig wees om jaarliks tydens die rekonstitueringsvergadering van die direksie wat gehou word na die algemene jaarvergadering, hul ampte ontruim~~bedanking in te dien~~, tensy die direksie anders besluit.

23.2 Die wyksdirekteure wat elke jaar verplig sal wees om hul ampte ontruim~~te bedank~~ as gevolg van rotasie, sal daardie direkteure wees wie die langste hul amp beklee het sedert hul vorige verkiesing, met dien verstande dat indien een van twee persone wat op dieselfde dag as direkteure aangestel is, hul ampte moet ontruim~~moet bedank~~, tensy hulle self onderling besluit, sal die dienende direkteure by wyse van stembriefies beslu~~-~~it welke direkteur sy amp moet ontruim~~bedank~~.

23.3 Enige direkteur wat verplig is om sy amp te ontruim~~te bedank~~ as gevolg van rotasie sal beskikbaar wees vir herverkiesing as direkteur indien hy ingevolge hierdie Akte van Oprigting en die bepalings van die Wet geskik en bevoeg is om die amp van direkteur te beklee.

23.4 Geen aanstelling van 'n direkteur behalwe dié van 'n uittredende direkteur wie se her-verkiesing op 'n algemene jaarvergadering bevestig is, tree in werking nie totdat die voorgeskrewe toestemming van daardie direkteur om as 'n direkteur van die Maatskappy op te tree by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom~~Registrateur van Maatskappye~~ ingedien is en die aanstelling van die direkteur deur die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom~~Registrateur~~ geregistreer is nie.

**24. UITVOERENDE DIREKTEURE**

24.1 Behoudens die bepalings van die Wet, mag die direksie ~~mag~~ van tyd tot tyd persone in die amp van Besturende Direkteur en Uitvoerende Direkteur: Finansies of as ander uitvoerende direkteure aanstel. 'n Direkteur aldus aangestel is nie, terwyl hy ~~in terme van~~ingevolge 'n ooreenkoms sodanige amp beklee, onderhewig aan uittrede deur rotasie nie, of word nie in aanmerking geneem by die vasstelling van die rotasie van uittrede van direkteure nie, maar sy aanstelling as direkteur eindig as hy om enige rede ophou om die bogenoemde posisie in die Maatskappy te beklee.

24.2 Onderworpe aan die terme en voorwaardes van enige ooreenkoms tussen homself en die Maatskappy aangegaan, sal die Uitvoerende Direkteure onderworpe wees aan dieselfde bepalings rakende diskwalifikasie as die ander direkteure van die Maatskappy.

24.3 Die direkteure kan van tyd tot tyd sodanige van die bevoegdhede wat by hulle berus na goeddunke aan 'n uitvoerende direkteur delegeer of opdra en hulle kan die bevoegdhede vir so 'n tydperk, en om uitgeoefen te word vir sodanige oogmerke en doeleindes en op sodanige grondslag en voorwaardes en met sodanige beperkings, as wat hulle raadsaam ag, opdra.

**25. VERRIGTINGE VAN DIREKTEURE**

25.1 Op die eerste vergadering van die direksie~~raad~~ wat na elke algemene jaarvergadering van aandeelhouers gehou word, of wanneer dit nodig is, kies die direkteure uit hul midde 'n voorsitter en 'n ondervoorsitter.

25.2 Die ondervoorsitter tree as voorsitter op wanneer laasgenoemde afwesig is of nie in staat is om as sodanig op te tree nie en indien sowel die voorsitter as die onder-voorsitter afwesig is of nie in staat is om die werksaamhede van die voorsitter te verrig nie, kies die

direksie ‘n ander direkteur om as voorsitter waar te neem gedurende bedoelde afwesigheid of onvermoë.

25.3 ʼn Vergadering van die direksie word byeengeroep deur die direksie, of die vVoorsitter van die direksie, of enige drie direkteure van die direksie.

25.4 Die meerderheid van die direkteure maak ʼn kworum vir ʼn vergadering van die direksie uit.

25.5 Vrae wat op ‘n vergadering ontstaan, word met ‘n meerderheid van stemme beslis. Elke direkteur het een stem. In die geval van ‘n staking van stemme, sal die voorsitter ʼn tweede of beslissende stem hê.

25.6 ʼn Besluit waaroor daar op ʼn vergadering van die direksie gestem kan word, kan in plaas daarvan aangeneem word deur skriftelike instemming van ʼn meerderheid van die direkteure, persoonlik of deur elektroniese kommunikasie gegee, met dien verstande dat elke direkteur kennis gekry het van die saak waaroor daar besluit moet word. ʼn Besluit sodanig geneem, het dieselfde uitwerking asof dit deur stemming op ʼn vergadering goedgekeur is.

25.7 Ondanks ‘n vakature in hulle midde kan die oorblywende direkteure optree, maar indien en vir solank as wat hulle getal minder is as die getal wat deur of ingevolge hierdie Akte van Oprigting as die vereiste minimumkworum van direkteure vasgestel is, kan die oorblywende direkteure slegs optree vir die doel om die getal direkteure tot daardie getal te verhoog of om ‘n algemene vergadering van die Maatskappy te belê, maar vir geen ander doel nie.

25.8 Die direksie is by magte om enige getal direksiekomitees aan te stel en aan enige komitee enige van die bevoegdhedegesag van die direksie te delegeer, soos uiteengesit in aArtikel 72 van die Wet. Sodanige komitees kan persone insluit wat nie direkteure van die Maatskappy is nie. ‘n Komitee aldus saamgestel, moet hom by die uitoefening van die bevoegdhede aldus gedelegeer, sowel as die komitee se verwysingsraamwerk en die voorwaardes wat die direkteure aan hom oplê, hou.

**26. MOSIES**

Behoudens die bepalings van die Wet, mag enige aandeelhouer/lid ʼn mosie indien vir oorweging deur die direksie of algemene vergadering, mits sodanige mosie in die voorgeskrewe vorm by die Maatskappysekretaris ingedien is ten minste 20 (twintig) sakedae voor die betrokke vergadering. Enige mosie so ingedien moet deur die betrokke aandeelhouer onderteken word en gesekondeer word deur aandeelhouers wat nie minder as een tiende van die stemregtegewig binne die Maatskappy verteenwoordig nie. Mosies word deur die Voorsitter hanteer ooreenkomstig die direksie se goedgekeurde vergaderings- prosedure.

**27. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN DIREKTEURE**

27.1 ʼn Direkteur van die Maatskappy moet, wanneer hy in daardie hoedanigheid optree, die bevoegdhede uitoefen en die funksies verrig ooreenkomstig die voorgeskrewe standaarde -

27.1.1 in goeder trou en vir ʼn behoorlike doel;

27.1.2 in die beste belang van die Maatskappy;

27.1.3 met die vereiste mate van sorg, vaardigheid en noulettendheid;

27.1.4 soos in die Wet en andersins voorgeskryf.

27.2 Die bevoegdheid van die direksie om die besigheid en sake van die Maatskappy te bedryf, soos uiteengesit in aArtikel 66 (1) van die Wet, word slegs beperk soos in hierdie Akte van Oprigting uiteengesit.

27.3 Die bestuur van die besigheid van die Maatskappy setel in die direkteure, welke direkteure, bo en behalwe die magtigings en bevoegdhede hierin opgedra, maar onderworpe aan die Wet, alle bevoegdhede mag uitoefen en alle sodanige handelinge mag onderneem wat die Maatskappy self mag uitoefen of onderneem, en wat nie ingevolge hierdie Akte van Oprigting of deur die Wet verplig word om by wyse van algemene vergadering uitgeoefen te word nie; en behoudens voorts dat die direkteure nie die Maatskappy so sal bestuur dat enige besigheidstransaksie of handeling buite die hoofdoelstelling van die Maatskappy sal val nie, behalwe met die nodige toestemming op grond van ‘n besluit van die aandeelhouers van die Maatskappy.

27.4 Die direkteure mag by wyse van ‘n volmag enige persoon of persone aanstel as agente van die Maatskappy vir sodanige doeleindes en met sodanige bevoegdhede, magtiging en diskresie (wat nie dié uitoefenbaar deur die direkteure in terme vaningevolge hierdie Akte van Oprigting sal oorskry nie) en vir sodanige tydperk en onderworpe aan sodanige voorwaardes soos die direkteure goeddink.

**28. NOTULE EN NOTULEBOEKE**

28.1 Die direksie sien toe dat notule gehou word

a) van die name van direkteure wat op elke vergadering van die Maatskappy en van die direkteure aanwesig is; en

b) van alle verrigtinge op alle vergaderings van die Maatskappy en van die direksie.

28.2 Sodanige notule moet deur die voorsitter van die vergadering waarop die verrigtinge plaasgevind het of deur die voorsitter van die eersvolgende vergadering onderteken word.

28.3 Enige uittreksel of afskrif van daardie notules of resolusies geneem deur die direksie of Maatskappy wat onderteken is deur die voorsitter van daardie vergadering, of enige direkteur, of die Maatskappysekretaris, is *prima facie* bewys van die feite daarin vervat.

**29. ALGEMENE BEPALINGS**

29.1 MAATSKAPPYREKORDS

Die Maatskappy hou die dokumente, rekeninge, boeke, geskrifte, rekords en ander inligting wat van ’n maatskappy vereis word in terme vaningevolge die Wet of enige regulasie of voorskrif, in die voorgeskrewe formaat en vir die voorgeskrewe tydperk.

**30. REKENINGKUNDIGE REKORDS**

30.1 Die Maatskappy moet akkurate en volledige rekeningkundige rekords in een van die amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika hou en voltooi-

a) soos nodig om die Maatskappy in staat te stel om sy verpligtinge ingevolge die Wet of enige ander wet met betrekking tot die voorbereiding van finansiële state na te kom;

b) insluitende enige voorgeskrewe rekeningkundige rekords, wat op die voorgeskrewe wyse en in die voorgeskrewe formaat gehou moet word.

30.2 Die Maatskappy se rekeningkundige rekords moet gehou word by, of toeganklik wees vanaf, die Maatskappy se geregistreerde kantoor.

30.3 Die direkteure mag van tyd tot tyd bepaal in watter mate en op welke tye en plekke, en onder welke voorwaardes die rekeningkundige rekords van die Maatskappy of een of ander deel daarvan ter insae van aandeelhouers wat nie direkteure is nie, beskikbaar is, en geen aandeelhouer (wat nie ‘n direkteur is nie) is op insae van rekeningkundige rekords of dokumente van die Maatskappy geregtig nie tensy daartoe gemagtig deur die Wet of hierdie Akte van Oprigting.

**31. FINANSIËLE JAARSTATE**

Die direkteure moet ooreenkomstig a~~A~~rtikels 29 en 30 van die Wet en ander toepaslike wetgewing en regulasies, die finansiële jaarstate en groepsverslae laat opstel en aan die aandeelhouers op ‘n algemene jaarvergadering voorlê.

**32. OUDITEURE**

Ouditeure se aanstelling en hulle pligte word ooreenkomstig die bepalings van a~~A~~rtikels 90 tot 93 van die Wet en ander toepaslike wetgewing gereël.

**33. OUDITKOMITEE**

33.1 Die direksie maak jaarliks ʼn aanbeveling aan die algemene jaarvergadering met betrekking tot die aanstelling van die lede van die o~~O~~uditkomitee van die Maatskappy ("ouditkomitee"). Die ouditk~~K~~omitee bestaan uit ten minste drie direkteure wat gepas gekwalifiseer en ervare onafhanklike nie-uitvoerende direkteure is.

33.2 Die rol en funksies van die ouditk~~K~~omitee is soos uiteengesit in die Wet en soos vervat in die komitee se verwysingsraamwerk soos van tyd tot tyd deur die direksie goedgekeur.

**34. KENNISGEWINGS**

34.1 Alle kennisgewings wat deur die Maatskappy gegee moet word, kan gedoen word deur dit òf persoonlik aan ‘n aandeelhouer òf by wyse van ‘n gefrankeerde brief òf by wyse van elektroniese kommunikasie aan ‘n aandeelhouer by ʼn adres waarvan die aandeelhouer kennis aan die Maatskappy gegee het.

34.2 Elke aandeelhouer van die Maatskappy sal die Maatskappy in kennis stel van ‘n adres, welke adres as sy geregistreerde adres geag sal word ~~in terme van~~ingevolge hierdie Akte van Oprigting en indien ‘n aandeelhouer nie soos vermeld aan die Maatskappy kennis gegee het nie, sal hy geag word van sy reg op kennisgewing afstand te doen.

34.3 Alle kennisgewings mag, ten opsigte van aandele wat gesamentlik deur aandeelhouers gehou word, aan sodanige aandeelhouer wie se naam eerste in die sekuriteiteregister verskyn, gegee word, en sodanige kennisgewings sal voldoende wees ten aansien van alle houers van die aandeel of aandele.

34.4 Die metode van kennisgewing asook die geagte ontvangs van ʼn kennisgewing, sal geskied soos uiteengesit in die Wet, asook die r~~R~~egulasies en Tabel C3 van die r~~R~~egulasies uitgereik ~~in terme van~~ingevolge die Wet.

34.5 Enige persoon wat deur regswerking, lewering of op enige ander wyse geregtig word op ‘n aandeel, sal gebonde wees deur enige kennisgewing ten opsigte van sodanige aandeel wat, voordat die oordragnemer se naam en adres in die sekuriteiteregister opgeneem is, aan die oordraggewer van wie hy sy titel verwerf het, gestuur is.

34.6 Enige kennisgewing afgelewer of deur die pos gestuur na die geregistreerde adres van enige aandeelhouer ingevolge hierdie Akte van Oprigting, sal, nieteenstaande die feit dat so ‘n aandeelhouer oorlede is, geag word reëlmatig ten aansien van daardie aandele gestuur te wees, en voormelde geagte lewering van die kennisgewing sal vir alle doeleindes vir hierdie Akte van Oprigting geag word voldoende te wees ten opsigte van die erfgename, eksekuteurs of administrateurs, en alle ander persone (indien enige) wat gesamentlik ‘n belang met die oorlede aandeelhouer in sodanige aandele gehad het.

**35. LIKWIDASIE**

35.1 Indien die Maatskappy gelikwideer word, moet die bates wat oorbly na betaling van die skulde en verpligtinge van die Maatskappy en delging van die koste van likwidasie, soos volg aangewend word:

a) Ter betaling aan die gewone- en voorkeuraandeelhouers van die bedrae wat opbetaal is op die aandele onderskeidelik deur elk van hulle gehou; en

b) Die balans (indien enige) moet onder die voorkeuraandeelhouers verdeel word in verhouding tot die getal voorkeuraandele wat onderskeidelik deur elk van hulle gehou word; met dien verstande dat die bepalings van hierdie Akte van Oprigting onderworpe is aan die regte van die houers van aandele (as daar is) wat met spesiale voorwaardes uitgereik is.

35.2 By likwidasie, kan enige deel van die bates van die Maatskappy, insluitende aandele of sekuriteite van ander maatskappye, met die goedkeuring van ‘n spesiale besluit van die Maatskappy in spesie onder die aandeelhouers van die Maatskappy verdeel word, of kan dit met dieselfde goedkeuring vir die voordeel van daardie aandeelhouers in trustees gevestig word, en die likwidasie van die Maatskappy kan afgesluit word en die Maatskappy ontbind word.

**36. VRYWARING**

Die direksie is by magte om direkteure, voorgeskrewe beamptes, komiteelede, insluitende lede van die ouditkomitee, te vrywaar teen aanspreeklikheid uit die fondse van die Maatskappy soos uiteengesit in a~~A~~rtikel 78 van die Wet.

**AANHANGSEL A**

## KLASSE AANDELE

**KLAS 1** Gewone aandele, elke aandeelhouer besit 5 000, elke aandeelhouer beskik oor een statutêre stem per aandeel.

**KLAS 2** Stemdraende aflosbare voorkeuraandele in verhouding tot klandisiewaarde/ aansporings-korting toegeken, met dien verstande dat

- vir elke R1,00 klandisiewaarde/aansporingskorting toegeken, een Klas 2 voorkeur-aandeel uitgereik word, welke aandeel deur die Maatskappy teruggekoop sal word teen R1,00 volgens die voorwaardes van toepassing tydens toekenning van sodanige voorkeuraandele, maar altyd onderworpe aan die diskresie van die direksie met inagneming van die Maatskappy se vermoë en behoeftes, met die veronderstelling dat Klas 2 aandele deur die Maatskappy teruggekoop word verkieslik nie later nie as 15 jaar na uitreiking daarvan, en voorts dat 'n aandeelhouer wat ten tye van die toekenning van 'n bepaalde jaar se aansporingskorting 55 jaar of ouer is, se Klas 2 aandele ~~word~~ op ouderdom 70 jaar teruggekoop word onderworpe aan 'n minimum periode van vyf jaar.
- Elke klas 2 aandeel dra een stem.

**KLAS 3** Stemdraende aflosbare voorkeuraandele wat toegeken is aan aandeelhouers uit reserwes van die eertydse Vrystaat Koöperasie Beperk en Noord Transvaal Koöperasie, welke aandele onderworpe is aan die volgende voorwaardes:

- Vir elke R1,00 reserwes toegeken aan 'n aandeelhouer (fraksies word op- en afgerond), word een Klas 3 aandeel aan die aandeelhouer uitgereik;
- Elke klas 3 aandeel dra een stem;
- Klas 3 stemdraende aflosbare voorkeuraandele sal deur die Maatskappy teruggekoop word volgens diskresie van die direksie met inagneming van die besigheid se vermoë en behoeftes (verkieslik nie langer as 15 jaar), of by sekwestrasie/likwidasie (verdiskonteerde waarde na vereffening van uitstaande skuld) of by dood, welke ook al eerste gebeur, met inagneming van dividendebelasting.
- Klas 3 aandele rangeer *pari passu* met Klas 2 aandele.
- Die direksie is by magte om rente of dividende ten opsigte van Klas 3 aandele te betaal.
- Klas 3 aandele is toegeken as kapitaaluitgifte en dienooreenkomstig onderworpe aan belasting soos voorgeskryf.

**KLAS 4** Deelnemende, nie-stemdraende, aflosbare voorkeuraandele om voorsiening te maak daarvoor dat aandeelhouers wie se Klas 2 ~~voorkeur~~ aandele afgelos word, die keuse kan uitoefen om sodanige aandele nie te laat aflos nie, maar te laat omskep in Klas 4 ~~voorkeur~~aandele, welke aandele onderworpe is aan die volgende voorwaardes:

- Klas 4 aandele rangeer *pari passu* met Klas 2 ~~voorkeur~~ aandele wat betref dividende.

**VERDERE VOORWAARDES VERBONDE AAN VOORKEURAANDELE**

1. Die belange van aandeelhouers in voorkeuraandele word geag gesedeer te wees aan die Maatskappy solank as wat die aandeelhouer enige bedrae aan die Maatskappy verskuldig is. Wanneer voorkeuraandele teruggekoop word en enige bedrag aan ŉ aandeelhouer betaalbaar word sal sodanige bedrae eerstens aangewend word ter delging van enige verskuldigde bedrae aan die Maatskappy.

2. Die aanwending van ŉ aandeelhouer se belang vir doeleindes van sekuriteit vir finansiering deur die Maatskappy aan die aandeelhouer toegestaan, geskied ooreenkomstig toepaslike wetgewing en die Maatskappy se beleide en voorskrifte, en vir sodanige waarde as wat die b~~B~~estuur van die Maatskappy na goeddunke bepaal.

3. Die d~~D~~ireksie is by magte om voorkeuraandele vroeër terug te koop indien die Maatskappy oor voldoende fondse beskik om sodanige terugbetaling na die oordeel van die direksie, te regverdig.

4. By die afsterwe van 'n aandeelhouer of gewese aandeelhouer word die oorlede aandeelhouer se aandele teruggekoop/afgelos en die belang van die oorledene wat tot sy krediet ten opsigte van voorkeuraandele staan, aan sy boedel uitbetaal.~~;~~

5. Wanneer lidmaatskap in die M~~m~~aatskappy op enige ander wyse uitgesluit afsterwe, beëindig word, bly die bepalings ten opsigte van die terugkoop van voorkeuraandele van toepassing tensy die direksie 'n betaling voor die verstryking van die periode magtig, in welke geval uitbetaling teen 'n verdiskonteerde waarde, soos deur die direksie bepaal, sal geskied.

6. Wanneer 'n regspersoon, wat 'n aandeelhouer van ~~hier~~die M~~m~~aatskappy is, se begunstigde of aandeelhouer te sterwe kom word sodanige aandeelhouer of begunstigde van die regspersoon se proporsionele belang in die voorkeuraandele deur die regspersoon in die M~~m~~aatskappy gehou, op aansoek aan sy eksekuteur uitbetaal en die aandele afgelos/teruggekoop.

7. Geen uitbetaling as gevolg van afsterwe van ŉ aandeelhouer of begunstigde van ŉ regspersoon sal gemaak word nie alvorens die aandeelhouer of die eksekuteur die dokumentêre bewys van sodanige regspersoon se belang in die aandeelhouerslening lewer en die skriftelike toestemming van die ander lede of begunstigdes van sodanige regspersoon aan die direksie voorlê nie;

8. Nieteenstaande andersluidende bepalings vervat in hierdie Akte van Oprigting, het die direksie die reg om die termyn van enige voorkeuraandele te bepaal.

9. Waar voorkeuraandele teen verdiskonteerde waardes afgelos is, moet die verskil tussen boekwaarde en verdiskonteerde waarde oorgeplaas word na onaangewende inkomste.

10. Die bedrae betaalbaar aan ‘n aandeelhouer of enige gewese aandeelhouer word eerstens aangewend ter vereffening of gedeeltelike vereffening van enige bedrag wat daardie aandeelhouer of gewese aandeelhouer aan die Maatskappy verskuldig mag wees.

11. ŉ Aandeelhouer of gewese aandeelhouer se voorkeuraandele word aan iemand anders slegs met goedkeuring van die direksie oorgedra: met dien verstande dat geen sodanige oordrag goedgekeur word tensy die oordragontvanger ŉ aandeelhouer van die Maatskappy is nie.

12. Enige bedrag tot die krediet van ‘n aandeelhouer of gewese aandeelhouer wat vir ‘n tydperk van drie jaar vanaf die datum waarop dit aan hom betaalbaar word, onopgeëis bly, mag by besluit van die direksie verbeurd verklaar en na die onaangewende inkomste van die Maatskappy oorgedra word: Met dien verstande dat so ‘n oordrag nie gemaak word nie tensy die betrokke aandeelhouer of gewese aandeelhouer eers van die voorgenome oordrag gewaarsku is deur middel van ‘n geregistreerde kennisgewing, gestuur aan sy laaste adres wat in die aandele-

register aangeteken is en hy ‘n geleentheid van minstens ses maande gegee is om die bedrag op te eis.

13. By aflossing/terugkoop van aflosbare voorkeuraandele moet die direksie by die datum van aflossing/ terugkoop die solvensie- en likiditeitstoets toepas en die Maatskappy se behoe~~t~~ftes en vermoëns in ag neem. Nieteenstaande die uitslag van die solvensie- en likiditeitstoets, is die direksie, in sy uitsluitlike diskresie, by magte om te besluit om nie die voorkeuraandele af te los of terug te koop nie.

14. Enige aflossing/terugkoop van aflosbare voorkeuraandele geskied met inagneming van enige belasting wat deur die Maatskappy, of namens ŉ aandeelhouer, afgetrek of oorbetaal moet word.

15. Aflosbare voorkeuraandele dra gelyke stemme as gewone aandele.

16. Indien ‘n aandeelhouer afsonderlik, of gesamentlik met ander verbonde lede, na die oordeel van die direksie, oor meer as 20% van die totale stemreg van die M~~m~~aatskappy beskik, word die stemreg van sy aandele wat 20% oorskry, verminder sodat dit slegs 1% van die normale stemreg dra as wat dit sou gedra het indien die aandeelhouer nie meer as 20% van die totale stemreg sou gehad het nie. Hierdie bepaling is ook van toepassing op die verkiesing van wyksdirekteure, in welke geval die stemreg en stem-persentasies binne die betrokke wyksverband bereken word.

**KLAS 2 VOORKEURAANDELE SE AFLOSSINGSVOORWAARDES**

Ledefondse wat tot lede se krediet gestaan het op die datum van omskepping van Vrystaat Koöperasie Beperk (die koöperasie), in die Maatskappy~~VKB Landbou Beperk (‘n maatskappy)~~, is met die omskepping oorgedra na die M~~m~~aatskappy as aandeelhouerslenings met dieselfde regte en op dieselfde terme en voorwaardes. Klas 2 ~~voorkeur~~aandele het bestaan uit R0,01 voorkeuraandeel en die R0,99 aandeelhouerslening.

Op 15 Maart 2012 is VKB se aandele omskep in aandele sonder pari waarde. Sedert omskepping word een Klas 2 ~~voorkeur~~aandeel uitgereik vir elke R1,00 aansporingskorting wat aan ŉ aandeelhouer toegeken, welke voorkeuraandeel deur die Maatskappy na ŉ maksimum periode van 15 (vyftien) jaar teruggekoop word.

**Die voorwaardes van toepassing op ledefondse is van tyd tot tyd deur die direksie gewysig. Sodanige voorwaardes is steeds van toepassing op daardie “ledefondse”, wat sedertdien omskep is in Klas 2 ~~voorkeur~~aandele, en word hiermee vir rekorddoeleindes weergegee:**

**Klas A Oorspronklike ledefondse**

Klas A(1) Ledebelangefondse toegeken vanaf 1993 tot 2002 word uitbetaal na 10 jaar of wanneer die lid of reghebbende die ouderdom van 60 jaar bereik, welke gebeurtenis ook al laaste plaasvind, onderhewig aan ŉ maksimum periode van 15 jaar;

Klas A(2) Ledebelangefondse toegeken vanaf 2003 tot 2005 word uitbetaal na 15 jaar. ŉ Lid wat ten tye van die toekenning van ŉ bepaalde jaar se fondse 60 jaar of ouer is, se fondse word op die ouderdom van 75 jaar uitbetaal onderhewig aan ŉ minimum periode van 5 jaar;

Klas A(3) Ledebelangefondse toegeken vanaf 2006 word uitbetaal na 15 jaar ongeag die ouderdom van die lid of reghebbende.

Klas A(4) Ledebelangefondse toegeken vanaf 2011 word uitbetaal na 15 jaar. ŉ Lid wat ten tye van die toekenning van ŉ bepaalde jaar se fondse 55 jaar of ouer is, se fondse word op ouderdom 70 jaar uitbetaal onderhewig aan ŉ minimum periode van 5 jaar.

**LET WEL:**

**KLAS 2 VOORKEURAANDELE TOEGEKEN VANAF 2006 TOT 2010 SE VOORWAARDES IS OP 19 NOVEMBER 2013 AS VOLG DEUR DIE DIREKSIE GEWYSIG (BESLUIT NOMMER 91/2013):**

**ROTASIE / TERUGKOOP VAN VOORKEURAANDELE (LEDEFONDSE)**

Dat die Klas 2 ~~Voorkeur~~aandele wat toegeken is vanaf 2006 tot 2010 se uitbetaal reëls gewysig word om as volg te lees:

1) Ledebelangefondse toegeken vanaf 2006 tot 2010 word uitbetaal na 15 jaar. ‘n Lid wat ten tye van die toekenning van ‘n bepaalde jaar se fondse 55 jaar of ouer is, se fondse word op ouderdom 70 jaar uitbetaal onderhewig aan ‘n minimum periode van 5 jaar.

**KLAS 4 VOORKEURAANDELE SE VOORWAARDES**

1. Die klas aandele sal bekend staan as “Klas 4 deelnemende, nie-stemdraende, aflosbare voorkeuraandele” (“Klas 4 ~~-~~aandele”) en is onderworpe aan die bepalings van ~~die maatskappy se~~ Akte van Oprigting, tensy spesifiek anders bepaal.
2. Die Klas 4 ~~-~~aandele is onverseker en nie-stemdraend (het geen stemreg in enige a~~A~~lgemene v~~V~~ergadering) nie.
3. Klas 4~~-~~ aandele rangeer *pari passu* met Klas 2~~-voorkeur~~ aandele wat betref dividende, wat volgens die uitsluitlike diskresie van die d~~D~~ireksie verklaar en betaal word.
4. Klas 4~~-~~ aandele het die reg tot deelname in ’n verdeling by likwidasie van die M~~m~~aatskappy, onderworpe aan die bepalings van die relevante wetgewing en ~~die maatskappy se~~ Akte van Oprigting.
5. Die Klas 4 ~~-~~aandele is nie rentedraend nie, maar die d~~D~~ireksie is by magte om van tyd tot tyd in sy absolute diskresie rente op Klas 4~~-~~ aandele aan die houers daarvan te betaal.
6. Slegs Klas 2~~-voorkeur~~ aandele kan omskep word in Klas 4~~-~~ aandele, en sodanige omskepping kan slegs plaasvind wanneer die M~~m~~aatskappy die betrokke Klas 2~~-voorkeur~~ aandele aflos ooreenkomstig die voorwaardes van toepassing daarop, soos uiteengesit in die Akte van Oprigting.
7. Die M~~m~~aatskappy sal aan die aandeelhouers wie se Klas 2~~-voorkeur~~ aandele afgelos moet word, skriftelik kennis gee van die hoeveelheid en datum van sodanige voorgenome aflossing, asook ’n keerdatum waarbinne die houer van die betrokke Klas 2~~-voorkeur~~ aandele moet aandui of hy/sy verlang dat die M~~m~~aatskappy die Klas 2~~-voorkeur~~ aandele in geheel of gedeeltelik aflos of omskep in Klas 4 ~~-~~aandele.
8. Indien die aandeelhouer die keuse uitoefen dat die aandele in geheel of gedeeltelik omskep word in Klas 4 ~~-~~aandele, sal die M~~m~~aatskappy voortgaan om die Klas 2~~-voorkeur~~ aandele terug te koop en Klas 4~~-~~ aandele daarvoor uit te reik teen ’n koers van 1 (een) Klas 4~~-~~ aandeel vir elke 1 (een) Klas 2~~-voorkeur~~ aandeel deur die M~~m~~aatskappy teruggekoop, volgens die voorwaardes van toepassing tydens toekenning van sodanige voorkeuraandele, maar altyd onderworpe aan die diskresie van die d~~D~~ireksie met inagneming van die M~~m~~aatskappy se vermoë en behoeftes.
9. Klas 4 ~~-~~aandele kan op enige stadium deur die M~~m~~aatskappy teruggekoop word. Die houer van sodanige aandele kan voorts op enige stadium, met 30 dae skriftelike kennisgewing, die M~~m~~aatskappy versoek om sodanige aandele terug te koop, in welke geval sodanige terugkoop sal geskied teen die uitreikingswaarde van die aandele sowel as enige verklaarde, maar onbetaalde dividende ten opsigte daarvan.
10. Klas 4 ~~-~~aandele word slegs gehou deur bestaande aandeelhouers van die M~~m~~aatskappy. Indien die houer van die Klas 4 ~~-~~aandele nie langer ’n aandeelhouer is van die M~~m~~aatskappy nie, sal die aandele deur die M~~m~~aatskappy teruggekoop word.
11. By die afsterwe van ’n houer van Klas 4 ~~-~~aandele word die oorlede aandeelhouer se Klas 4 ~~-~~aandele deur die M~~m~~aatskappy teruggekoop en die belang van die oorledene wat tot sy krediet ten opsigte van Klas 4 ~~-~~aandele staan, aan sy boedel uitbetaal. Wanneer ’n regspersoon, wat ’n aandeelhouer van die M~~m~~aatskappy is, se begunstigde of aandeelhouer te sterwe kom, word sodanige aandeelhouer of begunstigde van die regspersoon se proporsionele belang in die Klas

4_-aandele deur die regspersoon in die M~~m~~aatskappy gehou, deur die M~~m~~aatskappy teruggekoop en op versoek aan sy eksekuteur uitbetaal.

12. ’n Aandeelhouer of gewese aandeelhouer se Klas 4-aandele word aan iemand anders oorgedra slegs met goedkeuring van die d~~D~~ireksie, met dien verstande dat geen sodanige oordrag goedgekeur sal word tensy die oordragontvanger ’n aandeelhouer van die M~~m~~aatskappy is nie. Sodanige oordrag is voorts onderworpe daaraan dat die oordraggewer verantwoordelik is vir die koste verbonde aan sodanige oordrag.
13. Die belange van aandeelhouers in Klas 4_-aandele word geag gesedeer te wees aan die M~~m~~aatskappy as sekuriteit vir enige bedrag wat die houer daarvan aan die M~~m~~aatskappy verskuldig mag wees. Wanneer Klas 4_-aandele afgelos word en enige bedrag aan ’n aandeelhouer betaalbaar word, sal sodanige bedrae eerstens aangewend word ter delging van enige verskuldigde bedrae aan die M~~m~~aatskappy.
14. Enige bedrag tot die krediet van ’n aandeelhouer of gewese aandeelhouer wat vir ’n tydperk van drie jaar vanaf die datum waarop dit aan hom betaalbaar word, onopgeëis bly, mag by besluit van die d~~D~~ireksie verbeur verklaar word en na die onaangewende inkomste van die M~~m~~aatskappy oorgedra word, met dien verstande dat so ’n oordrag nie gemaak word nie tensy die betrokke aandeelhouer of gewese aandeelhouer eers in kennis gestel is van die voorgenome oordrag by wyse van ’n geregistreerde kennisgewing, gestuur aan sy laaste adres wat in die ~~Sekuriteite~~ r~~R~~egister aangeteken is en hy ’n tydperk van minstens ses maande gegee is om die bedrag op te eis.
15. By aflossing van Klas 4-aandele moet die d~~D~~ireksie by die datum van aflossing die solvabiliteits- en likiditeitstoets ingevolge die ~~Maatskappywet,~~ Wet~~ No. 71 van 2008~~, toepas en die M~~m~~aatskappy se behoeftes en vermoëns in ag neem.
16. Enige aflossing van Klas 4-aandele geskied met inagneming van enige belasting wat deur die M~~m~~aatskappy, of namens ’n aandeelhouer, afgetrek of oorbetaal moet word.
17. Die M~~m~~aatskappy is nie verplig om enige sertifikaat of bewys van Klas 4-aandele aan die houers daarvan uit te reik nie.

KlousuleArtikel 13.4 van VKB se Akte van Oprigting bepaal as volg:

*"Die direksie is geregtig om jaarliks te besluit watter deel van die Maatskappy se winste as aansporingskortings aan die aandeelhouers en/of klante van die Maatskappy toegeken word ter aansporing van toekomstige besigheid van aandeelhouers en/of klante met die Maatskappy, hetsy deur die toekenning van voorkeuraandele of by wyse van 'n ander instrument soos deur die direksie bepaal."*

Die aansporingskortings word aan die aandeelhouers van die Maatskappy toegestaan ter aansporing van toekomstige besigheid van aandeelhouers met die Maatskappy. Vir elke R1,00 aansporingskorting wat toegestaan word aan 'n aandeelhouer word een stemdraende aflosbare voorkeuraandeel (Klas 2 aandeel) toegeken, welke aandeel na 'n maksimum van vyftien jaar deur die Maatskappy afgelos/teruggekoop word teen R1,00.

Die grondslag van die aansporingskorting is die bedryfsinkomste gegenereer uit aandeelhouers gebaseer op die inkomste wat uit besigheid met die aandeelhouer vir primêre boerderydoeleindes verdien word as persentasie van die totale besigheid van aandeelhouers in die betrokke finansiële jaar, volgens die volgende beginsels:

- Die verhouding van winste na koste van kapitaal per departemente word gebruik om elke departement se pro-rata bydrae tot die Mmaatskappy se netto wins te bepaal.
- Hierdie verhouding word weer gebruik om die pro-rata korting wat aan elke departement beskikbaar is vir verdeling te bereken.
- Die pro-rata korting wat deur elke departement gegenereer is, word aan die deelnemers aan die departement toegeken pro-rata hulle bydrae tot die departement se winsgewendheid.
- Elke lid se korting word dus bereken pro-rata sy bydrae tot die departement se inkomste (meestal word die bruto wins na korting op sy transaksies gebruik as basis om sy bydrae te bereken).
- Verliesbedrywe word buite rekening gelaat wanneer departemente se bydrae tot die korting bereken word, met ander woorde as 'n departement 'n verlies maak, kry die lede wat met daardie departement besigheid gedoen het nie korting op die omset met daardie departement nie, maar word hulle kortings in ander departemente se winste nie gepenaliseer met die verlies nie.
- Dat tonne gelewer en bemark onderskeidelik die basis vir die berekening van die aansporingskorting vir Graandienste en Graanbemarking sal wees. Dat die pro-rata korting deur Graandienste gegenereer na die betrokke klante verdeel word volgens tonne graan wat elke klant by die MaatskappyVKB gelewer het teen 'n brutowins bydrae per ton vir elke gewas, welke brutowins per ton bereken sal word in verhouding tot die bydrae van die onderskeie gewasse tot die bruto inkomste van Graandienste, wat insluit opberging en hanterings-inkomste, sifselverkope, graansurplusse/tekorte , op- en afgraderings en drooginkomste. Dat die pro-rata korting deur Graanbemarking gegenereer na die betrokke aandeelhouers verdeel word volgens tonne graan wat elke aandeelhouer deur die MaatskappyVKB bemark het.
- Na amalgamasie van VKB en NTK sal voormalige NTK lede se aandeel in die omsetkorting beperk word tot 50% van NTK se wins.
- Dat 'n aansporingskorting betaal word aan aandeelhouers wat korttermyn-aandeelhouerslenings (ledebeleggings) by die MaatskappyVKB het op die basis dat die korting bereken word met inagneming van die verskil tussen die gemiddelde koers wat deur die MaatskappyVKB aan aandeelhouers betaal word en die gemiddelde koers waarteen die MaatskappyVKB fondse leen by finansiële instellings vir die betrokke jaar. Hierdie korting sal ingesluit word by die berekening van die aansporingskorting wat toegeken word aan aandeelhouers.
- Dat 'n aansporingskorting aan aandeelhouers van die MaatskappyVKB betaal word op besigheid wat hulle direk met die filiale van die MaatskappyVKB doen, mits die opbrengsvereiste van 20%

oorskry word, en bereken op die gedeelte van die wins wat die 20% opbrengs oorskry, met dien verstande dat in die geval van Grain Field Chickens (Edms) Bpk, die kontrakgroeiers en die MaatskappyVKB in gelyke dele sal deel in die surplus bo 20%.

- Dat die toekenning van aansporingskorting onderworpe is daaraan dat verliese gely deur filiale en departemente geakkumuleer word en sodanige geakkumuleerde verliese eers uitgewis moet word alvorens aansporingskorting toegeken word.

## TERME VERBONDE AAN ~~VKB~~ KLASSE 2 EN 3 SKULDBRIEWE

## A. ~~VKB~~ KLAS 2 SKULDBRIEWE

Die terme verbonde aan die ~~VKB~~ Klas 2 skuldbriewe uitreikbaar deur die Maatskappy ingevolge klousule~~Artikel~~ 7 van die ~~VKB-a~~Akte van Oprigting is die volgende:

1. Die klas skuldbriewe staan bekend as "Klas 2 aflosbare skuldbriewe" ("**Klas 2 skuldbriewe**") en rangeer *pari passu* met die Klas 3 aflosbare skuldbriewe, behalwe soos uitdruklik andersins in die terme daarop van toepassing bepaal.

2. Die Klas 2 skuldbriewe is onverseker en nie stemdraend nie.

3. Die Maatskappy is nie verplig om enige sertifikaat of bewys van Klas 2 skuldbriewe aan die houers daarvan uit te reik nie.

4. Die Klas 2 skuldbriewe is uitreikbaar teen 'n koers van 1 (een) Klas 2 skuldbrief vir elke R1.00 (een Rand) klandisiewaarde/aansporingskorting (fraksies word op- en afgerond) deur die direksie~~raad van die Maatskappy ("**direksie**")~~ toegeken ingevolge die direksie se aansporingskortingsbeleid van toepassing van tyd tot tyd, en is verder onderworpe aan die bepalings van die ~~Maatskappyw~~Wet~~, 2008~~, en die ~~Maatskappy se a~~Akte van O~~o~~prigting.

5. Die Klas 2 skuldbriewe is nie rentedraend nie, maar die direksie is bevoeg om van tyd tot tyd in sy absolute diskresie rente op die Klas 2 skuldbriewe aan die houers daarvan te betaal.

6. Die Klas 2 skuldbriewe of enige gedeelte daarvan mag te eniger tyd deur die direksie teen die uitreikings-waarde daarvan afgelos word, hetsy in kontant of deur die uitreiking van gelykwaardige ander sekuriteite van die Maatskappy, met dien verstande dat –

6.1 finale aflossing van die Klas 2 skuldbriewe verkieslik nie later nie as 15 (vyftien) jaar na die uitreiking daarvan afgelos sal word; of

6.2 in die geval van 'n skuldbriefhouer wat ten tye van die toekenning van die bepaalde jaar se aansporingskorting 55 (vyf en vyftig) jaar of ouer is, finale aflossing van die Klas 2 skuldbriewe van hierdie houer sal plaasvind by die laatste datum van bereiking deur die houer van die ouderdom van 70 (sewentig) jaar of by die verstryking van 5 (vyf) jaar na uitreiking van die Klas 2 skuldbriewe, onderworpe aan die res van die terme uiteengesit in paragraaf 7 hieronder.

7. Die volgende verdere terme is van toepassing op die Klas 2 skuldbriewe:

7.1 Die belange van skuldbriefhouers in Klas 2 skuldbriewe word geag gesedeer te wees aan die Maatskappy solank as wat die skuldbriefhouer enige bedrae aan die Maatskappy verskuldig is. Wanneer Klas 2 skuldbriewe afgelos word en enige bedrag aan 'n skuldbriefhouer betaalbaar word sal sodanige bedrae eerstens aangewend word ter delging van enige verskuldigde bedrae aan die Maatskappy.

7.2 Die aanwending van 'n skuldbriefhouer se belang vir doeleindes van sekuriteit vir finansiering deur die Maatskappy aan die skuldbriefhouer toegestaan, geskied ooreenkomstig toepaslike wetgewing en die Maatskappy se beleide en voorskrifte, en vir sodanige waarde as wat die bestuur van die Maatskappy na goeddunke bepaal.

7.3 Die direksie is by magte om Klas 2 skuldbriewe vroeër af te los indien die Maatskappy oor voldoende fondse beskik om sodanige terugbetaling na die oordeel van die direksie te regverdig.

7.4 By die afsterwe van 'n skuldbriefhouer of gewese skuldbriefhouer word die oorlede skuldbriefhouer se Klas 2 skuldbriewe afgelos en die belang van die oorledene wat tot sy krediet ten opsigte van Klas 2 skuldbriewe staan, aan sy boedel uitbetaal.

7.5 Wanneer lidmaatskap in die Maatskappy op enige ander wyse, uitgesluit afsterwe, beëindig word, bly die bepalings ten opsigte van die aflos van Klas 2 skuldbriewe van toepassing, tensy die direksie 'n aflossing voor die verstryking van die periode magtig, in welke geval uitbetaling teen 'n verdiskonteerde waarde, soos deur die direksie bepaal, sal geskied.

7.6 Wanneer 'n regspersoon, wat 'n skuldbriefhouer van hierdie Maatskappy is, se begunstigde of skuldbriefhouer te sterwe kom, word sodanige skuldbriefhouer of begunstigde van die regspersoon se proporsionele belang in die Klas 2 skuldbriewe deur die regspersoon in die Maatskappy gehou, op aansoek aan sy eksekuteur uitbetaal en die Klas 2 skuldbriewe afgelos.

7.7 Geen uitbetaling as gevolg van afsterwe van 'n skuldbriefhouer of begunstigde van 'n regspersoon sal gemaak word nie alvorens die skuldbriefhouer of die eksekuteur die dokumentêre bewys van sodanige regspersoon se belang in die Klas 2 skuldbriewe lewer en die skriftelike toestemming van die ander lede of begunstigdes van sodanige regspersoon aan die direksie voorlê nie.

7.8 Nieteenstaande andersluidende bepalings vervat in hierdie terme of die AaktevanOoprigting ~~van die Maatskappy~~, het die direksie die reg om die termyn van enige Klas 2 skuldbriewe te bepaal.

7.9 Waar Klas 2 skuldbriewe teen verdiskonteerde waardes afgelos is, moet die verskil tussen boekwaarde en verdiskonteerde waarde oorgeplaas word na onaangewende inkomste.

7.10 Die bedrae betaalbaar aan 'n skuldbriefhouer of enige gewese skuldbriefhouer word eerstens aangewend ter vereffening of gedeeltelike vereffening van enige bedrag wat daardie skuldbriefhouer of gewese skuldbriefhouer aan die Maatskappy verskuldig mag wees.

7.11 'n Skuldbriefhouer of gewese skuldbriefhouer se Klas 2 skuldbriewe word aan iemand anders slegs met goedkeuring van die direksie oorgedra: met dien verstande dat geen sodanige oordrag goedgekeur word, tensy die oordragontvanger 'n aandeelhouer of skuldbriefhouer van die Maatskappy is nie.

7.12 Enige bedrag tot die krediet van 'n skuldbriefhouer of gewese skuldbriefhouer wat vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum waarop dit aan hom betaalbaar word, onopgeëis bly, mag by besluit van die direksie verbeurd verklaar en na die onaangewende inkomste van die Maatskappy oorgedra word: Met dien verstande dat so 'n oordrag nie gemaak word nie, tensy die betrokke skuldbriefhouer of gewese skuldbriefhouer eers van die voorgenome oordrag gewaarsku is deur middel van 'n geregistreerde kennisgewing, gestuur aan sy laaste adres wat in die sekuriteiteregister aangeteken is en hy 'n geleentheid van minstens ses maande gegee is om die bedrag op te eis.

7.13 By aflossing van Klas 2 skuldbriewe moet die direksie by die datum van aflossing die solvensie- en likiditeitstoets ~~ingevolge die Maatskappywet, 2008~~, toepas en die Maatskappy se behoeftes en vermoëns in ag neem. Nieteenstaande die uitslag van die solvensie- en likiditeitstoets, is die direksie, in sy uitsluitlike diskresie, by magte om te besluit om nie die Klas 2 skuldbriewe af te los nie.

7.14 Enige aflossing van Klas 2 skuldbriewe geskied met inagneming van enige belasting wat deur die Maatskappy, of namens 'n skuldbriefhouer, afgetrek of oorbetaal moet word.

## B. VKB KLAS 3 SKULDBRIEWE

Die terme verbonde aan die VKB Klas 3 skuldbriewe uitreikbaar deur die Maatskappy ingevolge klousuleArtikel 7 van die Akte van Oprigting is die volgende:

1. Die klas skuldbriewe staan bekend as “Klas 3 aflosbare skuldbriewe” (“**Klas 3 skuldbriewe**”) en rangeer *pari passu* met die Klas 2 aflosbare skuldbriewe, behalwe soos uitdruklik andersins in die terme daarop van toepassing bepaal.

2. Die Klas 3 skuldbriewe is onverseker en nie stemdraend nie.

3. Die Maatskappy is nie verplig om enige sertifikaat of bewys van Klas 3 skuldbriewe aan die houers daarvan uit te reik nie.

4. Die Klas 3 skuldbriewe is as volopbetaal uitreikbaar aan voormalige aandeelhouers van die Maatskappy en NTK Landbou Eiendoms Beperk ter delging van hul regte en aansprake teen die betrokke maatskappy met betrekking tot die verdeling van reserwes, welke uitreiking plaasvind teen ’n koers van 1 (een) Klas 3 skuldbrief vir elke R1.00 (een Rand) reserwes (fraksies word op- en afgerond), soos deur die direksie van die Maatskappy (“**direksie**”) bepaal, en is verder onderworpe aan die bepalings van die MaatskappyWet, 2008, en die Maatskappy se Akte van Oprigting.

5. Die Klas 3 skuldbriewe is nie rentedraend nie, maar die direksie is bevoeg om van tyd tot tyd in sy absolute diskresie rente op die Klas 3 skuldbriewe aan die houers daarvan te betaal.

6. Die Klas 3 skuldbriewe of enige gedeelte daarvan mag te eniger tyd deur die direksie teen die uitreikingswaarde daarvan afgelos word, hetsy in kontant of deur die uitreiking van gelykwaardige ander sekuriteite van die Maatskappy, met dien verstande dat –

6.1 finale aflossing van die Klas 3 skuldbriewe verkieslik nie later nie as 15 (vyftien) jaar na die uitreiking daarvan afgelos sal word; of

6.2 in die geval van ’n skuldbriefhouer wat ten tye van die toekenning van die bepaalde jaar se aansporingskorting 55 (vyf en vyftig) jaar of ouer is, finale aflossing van die Klas 3 skuldbriewe van hierdie houer sal plaasvind by die laatste datum van bereiking deur die houer van die ouderdom van 70 (sewentig) jaar of by die verstryking van 5 (vyf) jaar na uitreiking van die Klas 3 skuldbriewe, onderworpe aan die res van die terme uiteengesit in paragraaf 7 hieronder.

7. Die volgende verdere terme is van toepassing op die Klas 3 skuldbriewe:

7.1 Die belange van skuldbriefhouers in Klas 3 skuldbriewe word geag gesedeer te wees aan die Maatskappy solank as wat die skuldbriefhouer enige bedrae aan die Maatskappy verskuldig is. Wanneer Klas 3 skuldbriewe afgelos word en enige bedrag aan ’n skuldbriefhouer betaalbaar word sal sodanige bedrae eerstens aangewend word ter delging van enige verskuldigde bedrae aan die Maatskappy.

7.2 Die aanwending van ’n skuldbriefhouer se belang vir doeleindes van sekuriteit vir finansiering deur die Maatskappy aan die skuldbriefhouer toegestaan, geskied ooreenkomstig toepaslike wetgewing en die Maatskappy se beleide en voorskrifte, en vir sodanige waarde as wat die bestuur van die Maatskappy na goeddunke bepaal.

7.3 Die direksie is by magte om Klas 3 skuldbriewe vroeër af te los indien die Maatskappy oor voldoende fondse beskik om sodanige terugbetaling na die oordeel van die direksie te regverdig.

7.4 By die afsterwe van 'n skuldbriefhouer of gewese skuldbriefhouer word die oorlede skuldbriefhouer se Klas 3 skuldbriewe afgelos en die belang van die oorledene wat tot sy krediet ten opsigte van Klas 3 skuldbriewe staan, aan sy boedel uitbetaal.

7.5 Wanneer lidmaatskap in die Maatskappy op enige ander wyse, uitgesluit afsterwe, beëindig word, bly die bepalings ten opsigte van die aflos van Klas 3 skuldbriewe van toepassing, tensy die direksie 'n aflossing voor die verstryking van die periode magtig, in welke geval uitbetaling teen 'n verdiskonteerde waarde, soos deur die direksie bepaal, sal geskied.

7.6 Wanneer 'n regspersoon, wat 'n skuldbriefhouer van hierdie Maatskappy is, se begunstigde of skuldbriefhouer te sterwe kom, word sodanige skuldbriefhouer of begunstigde van die regspersoon se proporsionele belang in die Klas 3 skuldbriewe deur die regspersoon in die Maatskappy gehou, op aansoek aan sy eksekuteur uitbetaal en die Klas 3 skuldbriewe afgelos.

7.7 Geen uitbetaling as gevolg van afsterwe van 'n skuldbriefhouer of begunstigde van 'n regspersoon sal gemaak word nie alvorens die skuldbriefhouer of die eksekuteur die dokumentêre bewys van sodanige regspersoon se belang in die Klas 3 skuldbriewe lewer en die skriftelike toestemming van die ander lede of begunstigdes van sodanige regspersoon aan die direksie voorlê nie.

7.8 Nieteenstaande andersluidende bepalings vervat in hierdie terme of die Aakte van Oopriging van die Maatskappy, het die direksie die reg om die termyn van enige Klas 3 skuldbriewe te bepaal.

7.9 Waar Klas 3 skuldbriewe teen verdiskonteerde waardes afgelos is, moet die verskil tussen boekwaarde en verdiskonteerde waarde oorgeplaas word na onaangewende inkomste.

7.10 Die bedrae betaalbaar aan 'n skuldbriefhouer of enige gewese skuldbriefhouer word eerstens aangewend ter vereffening of gedeeltelike vereffening van enige bedrag wat daardie skuldbriefhouer of gewese skuldbriefhouer aan die Maatskappy verskuldig mag wees.

7.11 'n Skuldbriefhouer of gewese skuldbriefhouer se Klas 3 skuldbriewe word aan iemand anders slegs met goedkeuring van die direksie oorgedra; met dien verstande dat geen sodanige oordrag goedgekeur word, tensy die oordragontvanger 'n aandeelhouer of skuldbriefhouer van die Maatskappy is nie.

7.12 Enige bedrag tot die krediet van 'n skuldbriefhouer of gewese skuldbriefhouer wat vir 'n tydperk van drie jaar vanaf die datum waarop dit aan hom betaalbaar word, onopgeëis bly, mag by besluit van die direksie verbeurd verklaar en na die onaangewende inkomste van die Maatskappy oorgedra word: Met dien verstande dat so 'n oordrag nie gemaak word nie, tensy die betrokke skuldbriefhouer of gewese skuldbriefhouer eers van die voorgenome oordrag gewaarsku is deur middel van 'n geregistreerde kennisgewing, gestuur aan sy laaste adres wat in die sekuriteiteregister aangeteken is en hy 'n geleentheid van minstens ses maande gegee is om die bedrag op te eis.

7.13 By aflossing van Klas 3 skuldbriewe moet die direksie by die datum van aflossing die solvensie- en likiditeitstoets ingevolge die Maatskappywet, 2008, toepas en die Maatskappy se behoeftes en vermoëns in ag neem. Nieteenstaande die uitslag van die solvensie- en likiditeitstoets, is die direksie, in sy uitsluitlike diskresie, by magte om te besluit om nie die Klas 3 skuldbriewe af te los nie.

7.14 Enige aflossing van Klas 3 skuldbriewe geskied met inagneming van enige belasting wat deur die Maatskappy, of namens 'n skuldbriefhouer, afgetrek of oorbetaal moet word.